Hoofstuk 2 Die Koei wat die Israeliete moes offer / Surah Al-Baqarah

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

1. Alief. Laam. Miem.

2. Daardie Boek, die Koran, waarin geen twyfel is nie, wys diegene wat 'n heilige ontsag en respek vir Allah het hoe om volgens die wil van Allah te lewe, (K1:5)

3. hulle wat in die onwaarneembare dinge glo, die gereelde gebed korrek onderhou, en goed doen met die dinge wat Ons aan hulle voorsien het,

4. en glo in dit wat aan jou, Mohammed, en aan hulle voor jou geopenbaar is, en wat glo in die Hiernamaals.

5. Dit is hulle wat volgens die wil van Allah lewe, en dit is juis hulle wat suksesvol is.

6. Waarlik, dit maak nie 'n verskil of jy diegene wat die Koran verwerp en dit teenstaan, waarsku of nie: hulle sal in elk geval nie glo nie. (K26:136)

7. Allah het hulle harte en ore dig toegemaak en hulle oë bedek, en vir hulle wag daar 'n ontsettende straf.

8. En onder die mense is daar die wat bely: "Ons glo in Allah en die Oordeelsdag" alhoewel hulle nie gelowiges is nie.

9. Hulle probeer om Allah en die gelowiges te mislei, terwyl hulle eintlik net hulleself mislei en nie eens daarvan bewus is nie.

10. In hulle harte is daar 'n siekte: ongeloof en verwerping van die Waarheid, wat Allah laat toeneem het: op hulle wag daar 'n smartlike straf omdat hulle altyd nog lieg.

11. En wanneer aan hulle gesê word: "Moenie deur dit wat julle doen wanorde op die aarde versprei nie," sê hulle: "Ons is maar net vredemakers en probeer maar net bietjie orde skep."

12. Pasop, die waarheid is dat dit hulle is wat die wanorde versprei, maar hulle besef nie dat hul dade die oorsaak van morele verval en wanorde is nie.

13. En wanneer aan hulle gesê word: "Glo soos die eerste volgelinge en Metgeselle van die Profeet Mohammed geglo het," dan sê hulle: "Sal ons dan glo soos onkundige en dom mense geglo het?" Pasop, die waarheid is dat hulle die onkundiges en die dommes is, maar hulle besef dit nie.

14. En wanneer hulle die gelowiges ontmoet sê hulle:"Ons glo en het Islam aangeneem as ons godsdiens." Maar wanneer hulle alleen is met hul vriende wat soos hulle Satansagente is, dan sê hulle: "Ons is verseker nog saam met julle, ons het maar net die spot gedryf."

15. Dit is Allah wat met hulle die spot dryf, deur hulle blindweg sonder dat hulle dit insien of besef, te laat ronddwaal in hul opstand.

16. Hierdie is die mense wat dwaling gebring het teen die prys van leiding: so, hul produk het geen waarde gebring nie, en ook het hulle self nie leiding gevind nie.

17. Hulle is soos die geval van die man wat 'n vuur maak brand, en net sodra dit alles om dit verlig, neem Allah hulle lig weg en los hulle in diepe duisternis sodat hulle niks sien nie.

18. Doof, stom en blind is hulle, en keer daarom nie terug na die regte weg nie.

19. Of dit is soos 'n donker reënstorm in die lug, met swaar weer en blitse: hulle druk hulle vingers in hulle ore om nie die swaar weer te hoor nie omdat hulle bang is die weer sal hulle doodslaan. So is Allah ook alomteenwoordig by die ongelowiges-

20. en die weerlig ontneem hulle byna van hul sig: elke keer wanneer dit blits, loop hulle in die lig daarvan, en wanneer dit weer donker is staan hulle stil. As Allah wou, kon Hy hulle gehoor en sig wegneem: waarlik Allah is magtiger as enigiets anders.

21. O mense, aanbid: gehoorsaam met ontsag en eerbied julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer – wat julle en die voor julle geskape het, sodat julle Godvresend mag word deur julleself van die sonde en die hel te bewaar in die hoop op die genade van Allah -

22. wat die aarde vir jou 'n bed gemaak het, 'n rusplek, en die hemelruim 'n dak, 'n pragtige plafon, en wat water afgestuur het, en daardeur, voortgebring uit die vrug van die aarde, voorsiening gemaak het vir jou. So, nou dat jy dit weet, moenie iets of iemand aan Allah gelykstel nie.

23. En as jy twyfel oor dit wat Ons aan Ons dienskneg Mohammed openbaar het, probeer dan self om 'n hoofstuk soos hierdie te skryf, en roep jou ondersteuners en helpers, behalwe vir Allah, om jou te help, as jy dink jy sal dit regkry.

24. Maar as jy dit nie regkry nie – en jy sal ook nie – staak dan jou ongeloof en bewaar jouself van die vuur, waarvan die brandstof mense en klippe is. 'n Vuur voorberei vir die ongelowiges.

25. En gee goeie nuus aan die wat glo en doen wat sedelik is, dat daar vir hulle tuine is waaronderdeur riviere vloei. Elke keer wanneer hulle 'n vrug daar gegee word om te eet, sal hulle dit herken as vrugte wat hulle voorheen in hierdie lewe geëet het, maar tog anders. En vir hulle sal daar skoon, rein en eerbare vroue wees: en daar is hulle vir ewig waar vreugde nie ophou en niks daarvan verlore gaan nie.

26. Waarlik dit is nie vir Allah 'n verleentheid om na 'n muggie of iets nog meer veragtelik in 'n verhaal te verwys nie. Nou, vir die wat glo, hulle weet dit is die waarheid vanaf hulle Versorger: terwyl die wat nie glo nie sê: "Wat kon Allah bedoel het met die verhaal?" Hiermee lei Hy vele om nie meer volgens Sy wil te lewe nie en ook vele om volgens Sy wil te lewe. Maar Hy lei net iemand wat sondig is om nie meer volgens Sy wil te lewe nie...

27. ... hulle wat die Ooreenkoms verbreek: die belofte van gehoorsaamheid, wat die gees van alle mense met Allah aangegaan het, nog voor die skepping van die mens, en die verhoudings beëindig wat Allah beveel het om in stand gehou te word, en gevolglik wanorde oor die aarde versprei – dit is hulle wat die verloorders is.

28. "Hoe is dit dat julle weier om erkenning aan Allah te verleen ten spyte van die feit dat julle leweloos was voor julle geboorte en Hy julle lewe gegee het deur julle geboorte, Hy julle sal laat sterf wanneer julle lewe verby is** en weer laat lewe op die Oordeelsdag, en waarna julle met die Opstanding uit die grafte na Hom sal terugkeer vir die finale straf of beloning vir julle dade in hierdie wêreld?* (*K40:11, **K45:26))

29. Dit is Hy, wat vir julle alles geskep het, die hele heelal net vir die mens met al die voordele en produkte wat die aarde bevat: en Homself na die hemelruimtes gedraai het en sewe hemele gemaak het – en Hy is die Alwetende."

30. En toe Allah vir die engele gesê het: "Ek gaan 'n verteenwoordiger op die aarde skep," het die engele gesê*: "Wil U een daar skep wat wanorde versprei op die aarde en bloedvergieting veroorsaak terwyl ons, saam met U lof, ook U reinheid bekend maak en U Naam heilig?" Allah antwoord toe: "Waarlik Ek weet wat julle nie weet nie." (*K38:69)

31. En Allah het Adam die name van alles wat Hy geskape het geleer: toe bring Allah dit alles voor die engele, en sê: "Sê vir My, wat is die name van alles wat Ek geskape het, as julle reg is."

32. Hulle sê toe: "Aan U behoort alle reinheid! Ons besit geen kennis nie behalwe dit wat U ons gegee het. Waarlik, U alleen is die Alwetende, die Alwyse."

33. Allah sê toe: "O Adam, sê vir die engele wat is die name van alles wat Ek geskape het." En toe Adam vir hulle gesê het wat die name is, toe sê Allah: "Het ek nie vir julle gesê dat Ek die geheime ken van die hemele en die aarde nie, en dat Ek weet wat julle openbaar en wat julle wegsteek, nie."

34. En toe Ons vir die engele gesê het: "Kniel neer voor Adam!" So, hulle het toe neergekniel, almal behalwe Iblis wie se naam beteken: 'die een wat alle hoop op genade vanaf Allah verloor het', die mooiste en slimste onder die engele: 'n Jin met spesiale magte om selfs in iets anders te verander. Hy het geweier om die bevel van Allah te gehoorsaam en 'n uitdagende houding ingeneem, soos die ongelowiges.

35. En Ons sê toe: "O Adam, woon jy en jou vrou, Eva (Hawwa) dan nou in die Paradys, lewe sorgeloos en eet van die heerlike, onuitputlike bron van vrugte net waar julle wil, maar moenie eers

naby hierdie spesifieke boom gaan nie of julle sal een van die oortreders word."

36. Toe mislei Satan, (wat beteken: die een wat vêr verwyder is van die genade van Allah) hulle, en veroorsaak dat hulle fouteer, en bring hulle uit vanwaar hulle was. Toe sê Ons: "Gaan af, almal van julle, sommige van julle vyande van sommige: en op die aarde sal daar, vir 'n tyd, vir julle 'n plek wees om te woon en te geniet."

37. Toe het Allah sekere woorde vir Adam geleer waarmee hy met skaamte sy sonde berouvol bely het, die sonde opgegee het en sy voorneme om die sonde nooit weer te doen nie, verklaar het: so het Allah toe met genade en guns Adam se berou aanvaar en hom hartlik terug verwelkom. Allah is ongetwyfeld die Toegeeflikste, Genadigste.

38. Allah het gesê: "Gaan nou af van hier af, almal van julle. Dan, wanneer julle sekere leiding van My ontvang, sal diegene wat My leiding navolg niks hê om te vrees nie, en ook sal hulle nie hartseer ken nie.

39. En die ongelowiges wat Ons tekens ontken, hulle is die mense van die Vuur – hulle sal verewig daar wees."

Vanaf vers 40 tot vers 123 praat Allah met die Israeliete. "Israel" beteken: "dienskneg van Allah"

40. O kinders van Israel, onthou hoe Ek julle geseën het, en vervul julle ooreenkoms met My, sodat Ek my ooreenkoms met julle kan nakom, en julle moet 'n heilige ontsag en respek vir My alleen hê. (K5:12)

41. Glo in die Wet wat Ek openbaar het, en bevestig daardeur dit wat reeds by julle is. Moenie die eerste wees om dit te ontken nie, en neem ook nie 'n omkoopgeskenk om My boodskappe en bewyse te verdraai of weg te steek nie. Julle moet 'n heilige ontsag en respek vir my hê.

42. En moenie waarheid met leuens vervang nie, en moet ook nie, al weet julle van beter, die waarheid wegsteek nie.

43. En wees standvastig in julle Aanbidding, betaal die Armebelasting, en Aanbid deur julle neer te buig saam met die wat Aanbid.

44. Vermaan julle ander teen dit wat verkeerd is en moedig julle hulle aan om net goeie dinge te doen maar self ignoreer julle, jul eie vermaninge, alhoewel julle aanhou om die Boek met die Wet voor te dra? Besef julle nie wat julle doen nie?

45. En vra hulp van Allah deur berustende **geduld en Aanbidding:** deur geduldig pyn en teëspoed te verdra, geduldig jouself van die sonde te weerhou, en geduldig standvastig in gehoorsaamheid aan Allah te wees. Dit beteken om nederig en wetend voor Wie jy staan jou gedagtes te fokus, en met berusting **te Aanbid**, op die voorgeskrewe manier, terwyl jy jou vryheid vyf keer daagliks opgee en jouself van alles wat wel wettig is afsonder.

46. En dit is inderdaad veeleisend, maar nie vir die nederiges van hart wat in gedagte hou dat hulle, hul Allah gaan ontmoet, en dat hulle na Hom sal terugkeer nie.

47. O kinders van Israel, onthou hoe Ek julle voorvaders geseën het, waaruit julle vandag nog voordeel trek, en dat Ek julle voortrefliker as al die ander volke van julle tyd gemaak het.

48. En bewaar julleself van die Oordeelsdag deur te glo, 'n dag wanneer een mens nie meer vir 'n ander met enigiets sal kan help nie, en wanneer voorspraak vir iemand wat nie glo nie, nie aanvaar sal word nie, 'n losprys nie meer geneem sal word nie en niemand meer gehelp kan word nie. (K2:123)

49. Onthou julle nog toe Ons julle voorsate van Farao en sy mense verlos het! Hulle het vir julle baie hartseer en pyn veroorsaak, deur julle pasgebore seuntjies te vermoor uit vrees vir sy koningskap, en julle dogtertjies lewend te los omdat hulle geen bedreiging ingehou het nie en as slavinne kon werk sodra hulle groot was. In alles wat hulle deurgemaak het: die dood van hulle seuntjies, die slawerny en die verlossing daarvan waarvoor hulle dankbaar moes wees, was groot geloofstoetse waardeur Allah hulle geneem het.

50. En toe Ons daarna 'n pad in die see vir julle gemaak het deur die water te skei, 'n wonderwerk wat Allah deur Moses gedoen het, het Ons julle gered, en die Farao se mense voor julle oë laat verdrink.!

51. Onthou julle ook toe Moses vir veertig nagte besig was, met vas en aanbidding ter voorbereiding om die Wet te ontvang op die berg Sinai, soos Ons hom beveel het, en julle 'n goue kalf gemaak en dit aanbid het, en daardeur groot sonde gedoen het.

52. En toe vergewe Ons julle, selfs na dit, sodat julle dankbaar kan wees.

53. Toe gee ons aan Moses die Boek, die Maatstaf van wat reg en wat verkeerd is, sodat julle die regte pad kan vind.

54. Onthou julle toe Moses vir sy mense gesê het: "My volk, julle het julleself benadeel deur die kalf as julle god te neem. So, julle wat die kalf aanbid het, keer terug na julle Skepper met berou en laat die wat nie die kalf aanbid het nie julle daarna om die lewe bring. Dit sal beter vir julle wees in die oë van julle Skepper" Toe het Allah julle berou aanvaar. Waarlik Hy is die Toegeeflikste, die Genadigste.

55. Onthou julle ook toe die sewentig gekose manne op Sinai, wat Allah nie net wou hoor nie maar ook wou sien gesê het: "Moses, ons sal jou nooit glo, totdat ons Allah openlik gesien het, nie." En hulle daar deur 'n weerligstraal doodgeslaan is terwyl ander toegekyk het.

56. Toe het Ons hulle opgewek, nadat Moses so gebid het om homself teen die volk te beskerm, na hulle dood, sodat julle dankbaar kan wees.

57. Tydens die veertig jaar in die wildernis / woestyn, (die woord beteken: om te verdwaal) het Ons dat die wolk vir julle skadu gee, en vir julle Manna en Kwartels gegee en gesê: "Eet van die goeie dinge wat ons vir julle voorsien het." En deur hul ondankbaarheid het hulle Ons geen skade aangedoen nie, maar net aan hulleself.58. En toe Ons gesê het: "Gaan in die dorp in en eet na hartelus net waar julle wil. En gaan in by die ingang na die dorp terwyl julle, julle neerbuig en sê: Hittatun, wat beteken: ons het berou en vra om vergifnis - sodat Ons julle foute kan vergewe. En Ons sal baie meer gee aan diegene wat goeie dade doen, asof hulle Allah sien, of dan as hulle Allah nie sien nie, weet dat Allah sien hulle."

59. Maar sommige het sonde gedoen en die woord, Hittatun, spottend vervang met: "Habbatun fi shairah" of "Hintatun", woorde wat na graan verwys. Ons het toe 'n plaag uit die hemel afgestuur op diegene wat daardie sonde gedoen het, en wat sewentig duisend manne uitgewis het, omdat hulle het sondig opgetree het.

60. Onthou julle ook die keer toe Moses water gesoek het vir sy mense! Dit was toe dat Ons vir Moses gesê het: "Slaan die rots met jou staf." So, het daar twaalf stromende fonteine verskyn. Elk van die twaalf seuns van Jakob en hulle families, die twaalf stamme van Israel, het later hul eie drinkplek gehad. "Eet die Manna en die Kwartels en drink van die fonteine wat Allah voorsien het en moenie deur ongehoorsaamheid aan Allah se bevele, wanorde op die aarde versprei nie."

61. En toe julle gesê het: "Moses ons wil nie meer langer elke dag dieselfde kos oor en oor eet nie, so bid vir ons tot Allah sodat Hy vir ons sal verskaf wat die aarde voortbring – koring, lensies en uie," het Moses geantwoord: "Wil julle dit wat minderwaardig is hê in die plek van dit wat beter is? Gaan af na 'n sekere dorp toe en julle sal kry waarvoor julle gevra het: julle kan daar die land bewerk en vir julleself groei wat julle wil eet." En skande en ellende het oor hulle gekom en hulle het teruggekom en Allah was ontevrede met hulle. Dit was omdat hulle die tekens van Allah ontken het, en groot sonde gedoen het deur die profete te vermoor. Dit was omdat hulle ongehoorsaam was en nie binne die reëls gebly het wat Allah daargestel het nie.

62. Waarlik, die wat in Allah geglo het, en die wat Jode geword het, en die Christene en die Sabiërs: wie ook al in Allah en die Oordeelsdag glo, en goeie dade doen, vir hulle is daar 'n beloning by Allah, en hulle het niks om te vrees nie en sal nie berou hê nie. (Deur slegs die eerste en die laaste te noem wil die vers sê dat dit nodig is om al die geloofsartikels tussenin ook te glo.)

63. En toe Ons 'n onderneming tot gehoorsaamheid van julle verkry nadat ons die berg Sinai deur die engele laat oplig en bo-oor julle laat hang het, reg om julle dood te val, het Ons gesê: "Hou vas aan die

Wet wat Ons deur Moses aan julle gegee het, en onthou wat daarin is, sodat julle 'n heilige ontsag en respek vir Allah mag hê." (K2:93)

64. En selfs na dit, het julle, julleself weggedraai. So as dit nie vir die verdraagsaamheid van Allah was nie, en sy genade nie, sou julle sekerlik van die verloorders gewees het wat Ek met katastrofe gestraf het.

65. En sekerlik het julle geweet van diegene onder julle, tydens die tyd van Dawid, wat op die Sabbat die Wet probeer omseil het, deur op 'n slinkse manier vis te vang: nadat julle die vis gevang het, het julle dit met 'n tou in die water vasgemaak en eers die volgende dag uitgehaal, sodat dit nie dalk sou lyk of julle enige werk op die Sabbatdag doen nie. Die gevolg was dat Ons vir hulle gesê het: "Word ape, en lewe in skande."

66. So het Ons dit 'n afskrikmiddel en vermaning* tot berou en sondebelydenis gemaak vir die ongehoorsames om hulle en diegene wat na hulle sou kom, asook 'n les vir diegene wat 'n heilige ontsag en respek vir Allah het, die gehoorsames, om standvastig te wees. (*K46:21)

67. Wat van die keer toe Moses, na aanleiding van die man wat die pa van sy geweierde bruid doodgeslaan het, in die tyd voor die duidelike Wet teen moord, en die Israeliete die moordenaar wou opspoor, gesê het: "Allah beveel julle om 'n koei te offer," en hulle geantwoord het: "Wil jy hê dat almal vir ons moet lag?" Moses sê toe: "Ek soek beskerming in Allah sodat ek nie een van die onkundiges sal wees nie."

68. Hulle vra toe vir Moses: "Bid vir ons en vra vir Allah dat Hy dit duidelik maak watter soort koei" waarop Moses antwoord: "Allah sê 'n koei, nie te oud en nie te jonk, van 'n middeljaar tussenin. Doen nou wat julle gevra word om te doen."

69. Maar hulle vra toe weer: "Bid vir ons en vra vir Allah dat Hy dit duidelik maak watter kleur sy moet wees" waarop Moses weer antwoord: "Allah sê dat sy 'n geel koei moet wees, 'n ryk geel van kleur, 'n plesier vir almal om na te kyk."

70. En weer vra hulle: "Bid vir ons en vra vir Allah dat Hy dit moet duidelik maak watter soort sy moet wees, want ons is verward oor die koei, en as Allah wil, sal ons waarlik die regte ding doen."

71. Moses antwoord toe: "Allah sê dat dit 'n koei moet wees wat nie bruikbaar is vir ploeg, of vir natgooi van die lande nie, gesond en niks mee verkeerd nie." Uiteindelik was hulle tevrede en sê: "Nou het jy die waarheid gepraat." Toe slag hulle die koei, alhoewel dit eers wou lyk asof hulle dit nie sou doen nie.

72. En toe julle 'n man doodgemaak het, het die wat sy misdaad wou bedek begin om ander te beskuldig vir die moord: terwyl Allah wou bekendmaak wie die moordenaar was wie se naam julle weerhou het.

73. Toe sê Ons: "Raak die lyk aan met 'n deel van die offerkoei." Toe hulle dit doen het Allah die dooie man laat herleef, hom die naam van sy moordenaar laat bekendmaak en toe weer laat sterf. En Hy wys julle Sy tekens, sodat julle kan verstaan.

74. Maar selfs na dit het julle harte verhard, soos klip, of selfs harder, sonder nut of sensitiwiteit. Want waarlik tussen die klippe is daar die waaruit riviere vloei, en ander bars oop en water vloei daaruit, en daar is selfs ander klippe wat uit heilige ontsag en respek vir Allah neerval. Allah is nie onbewus van wat julle doen nie.

75. Maak julle Moslems, julleself steeds wys dat die Jode julle gaan glo, ten spyte van die feit dat 'n groep van hulle voorheen die woord van Allah, die Wet wat hulle van die profete geleer het, gehoor het, en toe, nadat hulle dit verstaan het, dit doelbewus verdraai en verander het?

76. En wanneer hulle by die kom wat glo, gee hulle voor dat hulle Islam aangeneem het en sê: "Ons glo" en getuig selfs soms dat die Wet van die koms van Mohammed getuig. Maar wanneer hulle self bymekaarkom met ander lojale Jode dan sê hulle: "Vertel julle vir hulle wat Allah aan julle openbaar het sodat hulle daardeur teen julle mag getuig by Allah? Verstaan julle dan nie dat hulle dit in argumente met julle, teen julle kan gebruik nie?"

77. Is hulle dan nie bewus daarvan dat Allah weet wat hulle wegsteek en wat hulle openbaar maak nie?

78. En sommige van hulle kan nie lees of skryf nie en het geen kennis van die Boek nie behalwe dit wat hulle deur hoorsê geleer het, en hulle doen niks anders nie as die maak van aannames en die beoefening van bygeloof.

79. So, jammer vir hulle wat die Boek met hulle hande skryf en die Wet verander en verdraai, en dan sê: "Dit is van Allah", teneinde 'n inkomstetjie daaruit te maak. Ja, jammer vir hulle vir dit wat hulle geskrywe het om die mense tevrede te hou en gerespekteer te word, en jammer vir hulle vir wat hulle daaruit maak.

80. En hulle sê: "Die vuur van die Hel sal ons nie brand nie, maar indien wel, net vir 'n paar dae." Maar vra vir hulle: "Het Allah julle 'n belofte gegee waarteen Allah nie sal gaan nie? Of praat julle oor Allah waarvan julle niks weet nie, so asof julle, as Jode, steeds ware gelowiges is en van mening is dat julle Wet nooit herroep was nie."

81. Hoekom nie? Die wat sonde doen en deur hulle sonde ingeneem is, hulle is die mense wat bestem is vir die Vuur – en hulle sal daar vir ewig bly.

82. En die gelowiges wat deur te glo die een enkele belangrikste vereiste vervul het, en wat goeie dade doen, hulle is bestem vir die Paradys, en hulle sal daar vir ewig bly.

83. Kan julle ook nog onthou toe Ons die kinders van Israel met die eed laat belowe het: "Julle sal niemand anders aanbid nie, behalwe Allah: en vir julle ouers moet julle goed wees, en ook vir julle familie en vir die wese en die behoeftiges. En leer mense op 'n sagte openhartige opbouende manier wat reg is en wees standvastig in Aanbidding en die Armebelasting." Toe doen julle nie soos julle met 'n eed belowe het nie, almal behalwe vir 'n paar van julle, en julle is gewoond daaraan om nie julle ede na te kom nie.

84. En toe ons julle met 'n eed laat belowe het: "Julle mag nie mekaar doodmaak in vergeldingsoorloë nie, en mekaar nie so pla dat julle liewer landuit vlug nie." En julle kan self getuig dat julle so belowe het.

85. En tog, hier is julle besig om mekaar dood te maak in vergeldingsoorloë, en 'n groep van julle eie mense uit die land verdryf, terwyl julle saamwerk teen hulle in sonde en aggressie – en as hulle na julle toe kom as gevangenis, vra julle sowaar geld vir hulle vrylating, terwyl hulle einste uitsetting en verbanning onwettig was! Glo julle dan net in 'n deel van die Boek, dit is die Wet, en twyfel in die res sodat julle eintlik ongelowiges is? So, wat sal die vergelding wees vir diegene van julle wat dit doen, behalwe vir die skande in hierdie lewe? En op die Oordeelsdag, sal hulle die swaarste straf kry. Allah is nie onbewus van dit wat hulle doen nie.

86. Hulle is diegene wat die plesier van hierdie aardse lewe verkies het bo die Lewe hierna. Daarom sal die straf vir hulle nie verlig word nie en hulle sal ook nie hulp ontvang nie.

87. En dit is so dat ons vir Moses die Wet gegee het, daarna het ons boodskappers gestuur, die een na die ander: en Ons het aan Jesus, die seun van Maria duidelike tekens gegee, en hom deur middel van die Heilige Gees ondersteun. Hoe is dit dan dat elke keer wanneer 'n profeet na julle toe gekom het met dit waarvan julle nie hou nie, dat julle arrogant geword het? So het julle dan 'n groep van die profete verwerp as vals en ander doodgemaak.

88. En hulle het gesê: "Ons weet wat ons glo en ons harte is bedek en beskerm teen die boodskap van Islam" Maar feit is, dit was eerder Allah wat hulle verwerp het as gevolg van hul ongeloof. So glo hulle dan net korrek ten opsigte van 'n paar dinge, waar Judaisme en Islam ooreenstem, maar dit is nie ware geloof nie.

89. Toe die Wet van Allah af na hulle gekom het, wat bevestig het wat hulle reeds geweet het, en dit is dat 'n nuwe Wet en Profeet sou kom, terwyl hulle vroeër hulp gesoek het teen die ongelowiges, het hulle die Koran, wat hulle eintlik herken het as dit wat voorspel was, ontken en misken. So, die vloek van Allah is op die ongelowiges.

90. Ellendig is dit waarvoor hulle, hulself verkoop het: dat hulle sou ontken dit wat Allah self openbaar het, baie omgekrap dat Allah Sy seëninge skenk aan die wat Hy wil onder Sy diensknegte. So het hulle Allah se woede en agressie herhaaldelik ervaar. Vir die ongelowiges is daar nie net 'n pynlike nie, maar ook 'n vernederende straf.

91. Toe daar aan die Jode gesê was: “Glo in dit wat Allah openbaar het, die Evangelie en die Koran,” was hul antwoord: “Ons glo in dit wat aan ons geopenbaar was” - en hulle ontken enige openbaring daarna, ten spyte daarvan dat die waarheid daarvan juis geleë is in die feit dat dit verwys na- en bevestig waarin hulle glo, naamlik die Wet. Vra vir hulle: “Hoekom het julle dan die profete van Allah, uit julle eie volk, vermoor, en boonop hul moordenaars as julle leiers erken, as julle gelowiges is?”

92. Waarlik, Moses het na julle toe gekom met duidelike wondertekens byvoorbeeld die staf wat 'n slang geword het, sy handpalm wat helder geskyn het en die see wat 'n pad gevorm het as getuienis dat hy 'n profeet was wat van die Eenheid en Almag van Allah getuig het, maar julle wat deur julle respek teenoor julle voorvaders, die ware skuldiges was, het steeds daarna die kalf aanbid en groot sonde gedoen . Julle wat daarop roem dat julle in een Allah glo pleeg sonder meer Godslastering deur iets met Allah te assosieer.

93. En toe Ons julle moes dreig om 'n eed van julle te verkry, met die berg Sinai wat Ons hoog bokant julle laat verrys het*, en Ons gesê het: “Hou vas aan dit wat Ons julle gegee het en luister,” het julle voorvaders gesê: “Ons het gehoor uit heilige ontsag en respek en was ongehoorsaam deurdat ons nie kon en nie wou gehoorsaam nie.” En as gevolg van hulle ontkenning was hulle deurdrenk met die liefde vir die kalf in hulle harte. Sê aan hulle: “Julle geloof is so moreel verswak dat dit julle eerder tot sonde lei, dis te sê as julle gelowiges is.” (*K2:63)

94. Sê aan hulle: “As die Laaste Woonplek by Allah slegs vir julle bedoel is, en vir niemand anders nie, verklaar dan nou net hier dat julle wil sterf, sodat ons kan sien of julle eg is in julle geloof.”

95. Maar hulle sal nooit so iets wens nie as gevolg van hul dade wat hulle vooruitgegaan het. Allah is bewus van almal wat verkeerde dinge doen.

96. En jy sal vind dat hulle, die Jode, is weens hulle liefde vir hierdie fisiese lewe, die gretigste van alle mense om lank te kan lewe: selfs meer as die Arabiese veelgodedienaars vir wie hierdie lewe al is wat hulle het. Een van hulle begeer selfs om 'n duisend jaar oud te word. Maar dit maak nie saak hoe oud hy word nie, die straf wag steeds. En Allah sien wat hulle doen.

97. Sê aan die Jode wat vyandig is teenoor Gabriël, omdat dit hy was wat altyd die streng wette en katastrofiese straf aan hulle moes bring, dit is hy wat die woorde van die Koran soos Allah dit openbaar het, jou op die hart gelê het met Allah se toestemming, as bevestiging van wat voorheen was, en 'n leiding en goeie nuus aan die gelowiges.

98. Wie ook al 'n vyand van Allah, Sy engele, Sy boodskappers, en van die engele, Gabriël en Migael is, waarlik Allah is die vyand van sulke ongelowiges.

99. Ons het sekerlik aan julle duidelike, herkenbare en aanvaarbare tekens openbaar, van die profeetskap van Mohammed. En niemand behalwe die moedswillige hardkoppige ongehoorsames, die sondiges, ontken dit nie.

100. Gaan dit nou altyd so wees dat wanneer hulle 'n verbond sluit, 'n groep van hulle dit altyd gaan verwerp?Die Wet doen ook verslag van toe hulle belowe het om Mohammed as profeet te aanvaar wanneer hy kom maar dit nou ontken. Hulle hou ook nie eens die beloftes wat hulle erken nie. Inderwaarheid glo meeste van hulle nie, maar baie van hulle het tog die Profeet aanvaar.

101. Toe 'n boodskapper, die Profeet Mohammed, van Allah af na hulle gekom het met al die tekens wat die Wet aangedui het en daardeur die goeie nuus van die koms van die Profeet bevestig het wat hulle reeds geweet het vanuit hulle kennis van hulle Boek van die Wet, het sommige van hulle gemaak asof hulle niks van die profesie weet nie en eintlik daarmee die Wet en dit wat daarin geskrywe is, misken as die Boek van Allah.

102. Die Jode wat geglo het dat duiwelskuns en towery van Salomo se vermoëns was, het nagevolg dit wat die duiwels hulle geleer het tydens die regering van Salomo: dit was nie Salomo wat dit gedoen en so 'n ongelowige geword het nie, maar die duiwels het dit gedoen en ongelowiges geword, en die mense duiwelskuns en towery geleer. So ook het die twee engele Harut en Marut op die basis van wondertekens en argumente, wat na hulle toe afgestuur was in Babilon, mense se aandag probeer kry sodat hulle die mense kon leer dat duiwelskuns en towery nie dieselfde is as profetiese wonderwerke nie en hulle kon wegkry daarvan. In Babilon, was duiwelskuns en towery baie gewild en die onkundige mense het gedink dit is maar dieselfde as die wonderwerke van profete. Harut en Marut, het die mense ontmoedig om betrokke te raak by duiwelskuns en towery deur hulle, in opdrag van Allah, die beginsels en formules van die duiwelskuns en towery te wys, maar het die mense altyd gewaarsku teen dié kennis en herinner daaraan dat hulle daarteen moes waak om nie hulle geloof te verloor nie, deur te sê: “Ons is niks anders as 'n toets vir julle geloof nie, so moenie daardeur afvallig word nie” Daarmee het hulle bedoel dat Allah hulle met die nuwe kennis toets om te sien wie gaan hierdie kennis gebruik om hulle geloof te beskerm of wie gaan dit misbruik en so afvallig word. Die mense het dan van Harut en Marut geleer dit waarmee hulle 'n man van sy vrou kan skei. Maar hulle moes nie daarmee skade aan enigiemand berokken sonder die wil van Allah, nie. En hulle het geleer dit wat hulle skade berokken en wat hulle nie goed gedoen het nie. En die hoorders het sekerlik geweet dat dit sonde was en 'n teken van afvalligheid en dat diegene wat dit koop geen deel het in die Hiernamaals nie. Inderdaad, sondig is die ding waarvoor hulle hulself uitverkoop het. As hulle maar net geweet het!

103. As hulle Islam aanvaar het, en Godvresend geword het, sou die beloning van Allah vêr beter gewees het. As hulle maar net geweet het!

104. O julle wat glo, moenie sê: “Ra'ina” nie, want in Arabies beteken dit: “neem ons in ag” maar in Hebreeus is dit 'n lasterlike vervloeking wat die Jode skelmpies gebruik om die Profeet te beledig wanneer hulle, hulself aan die Profeet voorstel om hul minagting te toon, en die Arabiere en sommige Moslems, wat Hebreeus nie verstaan nie, onwetend begin gebruik het tot groot vermaak van die Jode. Maar sê eerder: “Unzurna” wat inderdaad beteken: “neem ons in ag” en luister. En vir hierdie afvalliges, die Jode wat so skelm is, is daar 'n smartlike straf.

105. Die ongelowiges onder die mense van die Boek, sowel as die veelgodedienaars, hou niks daarvan dat enige goed na julle sou kom vanaf Allah nie. Maar Allah kies vir Sy genade wie Hy wil. En Allah is die gewer van groot goedheid.

106. Wanneer ons 'n vers herroep of veroorsaak dat dit vergete raak, dan is dit nie die Profeet wat veranderings aanbring soos hy wil nie, maar dan vervang Ons dit met 'n beter of soortgelyke vers. Weet julle dan nie dat Allah mag het oor alles nie?

107. Weet julle dan nie dat die koninkryk van die hemele en die aarde aan Allah alleen behoort nie? En julle het niks of niemand, buiten Allah, om julle te beskerm of te help nie.

108. Of wil julle Jode so parmantig raak dat julle eerder julle Profeet vra vir die onmoontlike, dit wat net Allah die antwoord van ken, teneinde hom in 'n swak lig te stel en te belaster en die wysheid van Allah te bevraagteken, soos Moses vroeër gevra was om die onmoontlike te doen? Wie ook al geloof verruil vir ongeloof, het voorwaar begin om nie meer volgens die wil van Allah te lewe nie.

109. Baie van die mense van die Boek wil julle weer ongelowiges maak, nadat julle die geloof aangeneem het – alles net uit jaloesie in hulle harte, selfs nadat die waarheid vir hulle duidelik geword het. So, beheer julle geregverdigde woede oor hulle onopregte gedrag, vergewe hulle en sien oor, totdat Allah Sy opdrag gee oor hoe opgetree moet word, en of daar teen hulle oorlog gemaak moet word of nie. Waarlik Allah het mag oor alles, maak nie saak hoe swak julle is of hoe sterk die vyand is nie.

110. Wees julle maar net standvastig in julle Aanbidding, en gee die Armebelasting. Watter goeie julle ook al doen, selfs julle deelname in die Stryd wat dalk gaan kom, die volle beloning daarvoor sal julle by Allah kry in die toekomstige wêreld. Allah is verseker waaksaam oor alles wat julle doen, en nie die kleinste van julle goeie dade sal verlore gaan nie.

111. Die Jode en die Christene sê dat niemand ooit die Paradys sal

binnegaan, of anders gestel: “die hemel sal beërwe,” nie tensy hy 'n Jood of 'n Christen is. Dit is wat hulle, hulle verbeel. Sê aan hulle: “Bring julle bewyse as julle die waarheid praat.”

112. Natuurlik, wie ook al die self opreg aan Allah onderwerp, en goed is in wat hy doen deur die presiese navolging van dit wat Allah as reg en goed beskou het sy beloning by Allah, en daar is niks vir sulke mense om te vrees nie, of om bekommerd oor te wees nie.

113. Die Jode sê: “Die Christene het geen bewyse vir hulle argument nie” en die Christene sê: “Die Jode het geen bewyse vir hulle argument nie” -- en hulle beide lees die Boek! En die wat hulle gode met Allah assosieer praat agter die Jode en die Christene aan. Allah sal sê wie was reg op die Oordeelsdag en wat is die waarheid in dit waaroor hulle gestry het.

114. Wie is meer onbillik en onmenslik as iemand, wie ook al en waar ook al, wat verhoed dat die Naam van Allah in Sy Moskees aangeroep word en wat wil verhoed dat Allah daar Aanbid word of geloof en geprys word deur dit te verbied of dit selfs te verwoes? Dit was nie betaamlik vir sulke mense, hierdie einste Jode, Christene en Assosieerders wat daarop aanspraak maak dat hulle alleen reg is, om die Moskees binne te gaan nie, tensy hulle dit eerbiedig doen, en met 'n heilige ontsag en respek vir Allah in die hart. Vir hulle is daar skande in hierdie wêreld, (soos hulle dan ook later verneder is en onder Moslem oorheersing gekom het) en vir hulle, in die toekomstige wêreld, wag daar 'n baie groot straf.

115. Aan Allah behoort die Ooste en die Weste. So waarheen jy jouself ook al draai, wanneer jy aanbid, daar is die Gesig van Allah, gereed om jou gebede te hoor en Sy seëninge op jou uit te stort. Waarlik Allah is Allesomvattend, Alwetend.

116. Die Christene sê: “Allah het vir Homself 'n seun verwek.” Allah is rein. Dit is beter om te sê dat alles in die hemele en op die aarde behoort aan Allah. Almal staan eerbiedig tot Allah.

117. By Allah is die oorsprong van die hemele en die aarde en wanneer Hy iets besluit het sê Hy net eenvoudig: “Laat dit so wees” en dit is.

118. Die Jode, Christene en Assosieerders, wat nie wou glo dat Allah, Mohammed as Profeet gestuur het nie, en wat wou hê dat Allah self- of deur middel van 'n engel, bevestig dat Mohammed 'n Profeet is, sê: “Hoekom is dit dat Allah nie met ons praat nie, of vir ons 'n bewys gee nie.” Deur al die eeue het die geleerde, selfversekerde mense, soos hulle, wat kies om die waarheid en bewyse te ignoreer sulke vereistes gestel. Hulle harte dink net eenders. Ons het inderdaad die tekens duidelik gemaak vir die wat met opregtheid en vertroue na waarheid en sekerheid soek en nie in hul eie selfversekerdheid vasgevang is nie.

119. Die feit is, ons het jou, Mohammed, gestuur met die waarheid, a draer van goeie tyding, en 'n waarskuwer: dit is jou funksie en al wat van jou verwag word, en jy sal nie verantwoordelik gehou word vir die mense wat uit eie keuse die weg volg wat na die Hel lei nie, so moenie jou bekommer oor wie die waarheid aanvaar en wie nie.

Vers 120 handel oor die hopelose posisie van die teenstanders van Islam

120. Die Jode en die Christene sal in elk geval nooit met jou, Mohammed, wat hulle met soveel minsaamheid en toewyding van die waarheid probeer oortuig, tevrede wees nie, tensy jy hulle geloof aanneem, want elkeen van hulle glo hulle geloof, wat ook eens deur Allah ingestel is, maar nou herroep is, is alleen reg, steeds eg, onverdraaid en steeds van toepassing. Wanneer hulle egter tog na jou luister, sê vir hulle: “Die enigste leiding , wat as ware leiding beskou kan word, is die leiding wat van Allah kom, en dit is Islam.” En sou jy egter tog maak soos hulle wil hê, en hulle geloof aanneem, en dit nadat jy kennis ontvang het van wat die Waarheid is, sal geen vriend of helper jou kan beskerm teen die Goddelike Woede en Agressie van Allah nie. Die waarskuwing is ook vir die wat weier om Islam te aanvaar.

Vers 121 handel oor die wat eerlik en onpartydig die Profeet erken het en Islam aangeneem het, en was waarskynlik openbaar met die aankoms van die veertig Christene vanaf Abessinië wat Islam aangeneem het.

121. Diegene egter onder die Jode en Christene, aan wie Ons die Boek gegee het en wat hul intellek gebruik het in 'n soeke na die ware betekenis daarvan en dit gelees het sonder om die woorde of betekenis van die woorde te verdraai, en sonder om die profesieë van die koms van die Profeet te waninterpreteer of weg te steek, dit is hulle wat in dit glo. Hulle wat egter volhou daarmee om dit te ontken en nie daarin glo nie, gaan die grootste denkbare verlies ly, want hulle weier om die Finale Openbaring te erken, glo dus eintlik nie wat in hul eie Boek geskryf is nie, en het gevolglik nie die goddelike leiding wat aan hulle verskaf was, nagevolg nie.

122. O kinders van Israel, onthou hoe Ek julle geseën het met die guns wat Ek aan julle bewys het, en dat Ek julle uitnemendheid bo ander volke gegee het.

123. En bewaar julleself van die Oordeelsdag deur te glo, 'n dag wanneer een mens nie meer vir 'n ander of vir enigiets sal kan opkom nie, en wanneer voorspraak vir iemand wat nie glo nie, nie aanvaar sal word nie, 'n losprys nie meer geneem sal word nie en niemand meer gehelp kan word nie. (K2:48)

Vanaf vers 40 tot vers 123 het Allah met die Israeliete gepraat.

Met vers 124 begin die verhaal van Abraham en wys hoedat Allah deur toetse die geskiktheid en waardigheid van 'n mens vir 'n sekere funksie bepaal.

124. Toe Allah vir Abraham op verskeie maniere getoets het om sy gehoorsaamheid aan Allah en sy standvastigheid in sy onderdanigheid aan Allah se bevele te bepaal, hy die toetse suksesvol deurgemaak het, en Allah hom beloon het, het Allah gesê: “Ek gaan jou 'n Gids en Geestelike Leier, 'n Imam, maak vir die volk.” Abraham vra toe: “En wat van my nageslag, kan hulle ook daarin deel?” Daarop het Allah sy versoek toegestaan maar geantwoord: “My belofte sluit nie die ongehoorsames in nie.”

125. Toe het Ons die Huis, die Kaaba in Mekka, as 'n heilige toevlugsoord gemaak vir mense, en 'n plek van vrede. Maak van die plek van Abraham, genaamd Haram, 'n plek van Aanbidding. Dit is die hele Moskeearea rondom die Kaaba met die klip daarbinne waarop Abraham gestaan het toe hy die Kaaba gebou het en waarop 'n afdruk van sy voet wonderbaarlik te sien is. Ons het aan Abraham en Ismael aanwysings gegee: “Hou my Huis skoon van die vuil wat mens kan sien en rein van vuilheid wat mens nie kan sien nie, soos ongeloof, afvalligheid, assosiasie en onreinhede van die hart, vir die wat om en om dit gaan loop of hulleself daarin gaan afsonder of hulleself daarin gaan neerbuig in Aanbidding”

126. En toe Abraham gevra het: “My Skepper, Voorsiener en Onderhouer, maak hierdie verlate plek waar ek my vrou en kind moet agterlaat, 'n stad, waar hulle behoeftes vervul kan word, 'n plek van vrede waar hulle veilig sal wees teen ongeluk, rowers en oorheersing deur die ongelowiges, en voorsien die inwoners van alles wat nodig is om daar te lewe – die van hulle wat glo in Allah en die Oordeelsdag” het Allah geantwoord: “Ek sal vir alle mense wat daar is gee dit wat nodig is om daar te lewe, maar die ongelowiges sal ek nadat hulle 'n bietjie geniet het, na die straf van die Vuur sleep. En dit is voorwaar 'n bose einde.”

127. Abraham het toe gedoen soos Allah gesê het, die vrugbare grond van Sirië agtergelaat, met sy vrou en kind in die verlate woestyn gaan bly en begin om die Huis te bou, saam met Ismael, en hy het, in nederige erkentlikheid van sy afhanklikheid van Allah, gebid: “Onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer, neem dit van ons aan! U, en U alleen is inderdaad die Alhorende wat alle gebede verhoor, die Alwetende wat die intensies van alles en almal ken.

128. O my Skepper, Voorsiener en Onderhouer, maak ons albei onderdanig aan U om volgens U Wil en Opdragte te lewe, en maak uit ons nageslag 'n groep wat onderdanig aan U is, wat volgens U Wil en Opdragte lewe. Wys ook vir ons hoe en waarlangs om die Pelgrimstog(Hajj) te maak en neem ons berou aan. U - en U alleen is – is die Toegeeflikste, die Alwyse.”

129. En, O my Skepper, Voorsiener en Onderhouer, laat daar 'n

Boodskapper onder hierdie getroues uit my nageslag opstaan, wat vir hulle U woorde en verse presies net soos dit geopenbaar is sal resiteer en sal lewe, hulle die Koran en wysheid sal leer en verduidelik, en hulle van binne en van buite rein sal maak, van die sonde soos ongeloof, assosiasie en afvalligheid en die ander sondes wat uit die hart kom, deurdat hulle dit wat hulle geleer het sal leef. (K2:151) Inderdaad, U en U alleen, is die Almagtige, die Alwyse.

130. Wie draai homself weg van dit wat Abraham geglo het en verwerp dit, behalwe hy wat homself verlaag met dwaasheid en sonde. Die bewys dat Abraham se godsdiens die beste is, is juis daarin geleë dat Ons hom vereer het deur hom in hierdie wêreld tussen ander mense uit te kies, en in die ander wêreld is hy sekerlik een van die regverdiges.

131. Toe sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer vir hom gesê het: "Gehoorsaam My deur jouself aan My te onderwerp en jou wil onder My beheer te plaas" het hy gesê: "Ek onderwerp myself aan die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die wêrelde"

132. Abraham, en so ook Jakob, het sy seuns aangemoedig om dieselfde te doen en gesê: "My seuns, Allah het vir julle die geloof gekies. So maak seker dat julle as Moslems sterwe deur getrou die leer van Islam te volg en so die genade van Allah ontvang."

133. Of was julle teenwoordig by Jakob se sterfbed, toe hy vir sy seuns gesê het: "Wat gaan julle aanbid as ek weg is?" en hulle geantwoord het: "Ons sal u God aanbid, die God van u vaders, Abraham, Ismael en Isak, die enige God en aan Hom onderwerp ons onsself."

134. Daardie mense het al almal gesterwe. Hulle sal ontvang wat hulle verdien het, en julle sal ontvang wat julle verdien het. En julle sal nie verantwoordelik gehou word vir wat hulle gedoen het nie. (K2:141 & K6:164)

135. Hulle sê: "Word Jode of Christene en julle doen doen die regte ding, volgens die Wil van Allah." Sê vir hulle: "Ons sal eerder volgelinge van Abraham, die eerlike en opregte, bly – hy was nie een van die Assosieerders nie en het slegs die enige God aanbid en gedien."

136. O Moslems, sê vir hulle: "Ons glo in Allah, en wat aan ons openbaar is deur die profeet Mohammed, en wat aan Abraham, Ismael, Isak, Jakob en sy kinders, die twaalf stamme van Israel, openbaar was, en wat openbaar was aan Moses en Jesus en wat aan die profete gegee was deur hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer: Ons tref geen onderskeid tussen enige van die profete nie, behalwe dat die profete voor Mohammed eietydse profete was waarvan die openbarings nou herroep en vervang is deur die openbaring aan Mohammed. En aan Allah onderwerp ons onsself."

137. So, as hulle glo in dit waarin julle glo, dan doen hulle die regte ding, volgens die Wil van Allah. Maar as hulle wegdraai daarvan af, en onoortuig bly, dan is dit hulle wat die verdeeldheid veroorsaak deur hulle skynbare hardkoppigheid en kwaadwilligheid. Dan sal Allah vir julle genoeg wees teen hulle: Hy sal self met hulle werk en julle beskerm, so moenie verder daaroor bekommer nie, want Hy is die Alhorende, die Alwetende.

138. Islam: die suiwer aanbidding van Allah en totale onderwerping aan Hom, is die doop van Allah. Ons het nie nodig om in gekleurde (waarskynlik geel) water wat later afwas, gedoop te word soos die Christene skynbaar maak, as plaasvervanger van die besnydenis van die Jode en waarborg van interne en eksterne reiniging van die babatjie, om te wys dat hulle nou 'n nuwe "kleur" het nie. En wie is beter in die gee van 'n nuwe vaste "kleur" as Allah, wat ons deur Islam, die egte en onherroepte godsdiens, die waarborg gee van fisiese en geestelike reiniging? Ons mag niemand anders as net Hom aanbid nie: so kom ons kleur onsself met suiwer aanbidding, onderwerping aan Sy opdragte en die blye aanvaarding van Sy wil.

139. Sê aan hulle: "Waarom argumenteer en redeneer julle met ons oor Allah, terwyl Hy ons en julle God is? Ons sal volgens ons dade beoordeel word en julle volgens julle dade! Aan Hom, is ons getrou: ons aanbid niemand anders as Allah nie, ons assosieer niemand met Allah nie en ons doen goeie dade slegs met die opregte bedoeling om Allah te gehoorsaam en nie met die doel om mense te beïndruk nie.

140. Of, sou julle sê dat Abraham, Ismael, Isak, Jakob en hulle kinders Jode of Christene was?" Sê aan hulle: "Wie weet beter, julle of Allah?" En wie kan meer onregverdig wees as hy wat die getuienis wat hy vanaf Allah ontvang het, wegsteek of verdoesel of verswyg of geheim hou? Allah is nie onbewus van wat julle doen nie.

141. Daardie is 'n volk wat reeds heengegaan het. Hulle sal beloon word volgens wat hulle verdien het, en julle sal beloon word volgens wat julle verdien het. Julle sal nie verantwoordelik gehou word vir hulle dade nie. (K2:134 & K6:164)

Hier eindig die seksie wat handel oor die weerlegging van sekere aansprake deur die Jode en die Christene.

142. Die dwase, die wat nie verstaan nie, onder die volk sal sê: "Wat het gemaak dat hulle wegdraai van die Qiblah, die rigting waarin hulle gesig gewys het as hulle aanbid, wat hulle voorheen gehad het?" (dit was of Baytul Maqdis in Jerusalem of die Baytullah in Mekka). Sê aan hulle: "Aan Allah behoort die Ooste en die Weste. Hy lei wie Hy wil om volgens Sy wil te lewe: so terwyl elke mens vry is om die rigting van sy aanbidding te kies soos Hy voel dat Allah hom lei, het Goddelike Wysheid dit net meer paslik gevind, ter wille van orde, dat almal in dieselfde rigting sal draai, vandaar dat die fondamente van die Kaaba nog voor Adam deur die engele gelê was." (K2:115, 177)

143a. Op dieselfde manier as wat Ons julle 'n Aanbiddingsrigting gegee het wat beter is as enige ander, het Ons julle uitgekies uit al die volke en julle 'n baie spesiale gemeenskap gemaak: 'n Moslem volk, sodat julle as betroubare getuies vir die mense kan wys en die mense kan lei om goeie dade te doen, nie die sonde nie, volgens die openbaring aan- en voorbeeld van die Boodskapper Mohammed.. (K3:110, 7:181)

143b. Ons het die vorige Aanbiddingsrigting daargestel as 'n geloofstoets om te sien wie regtig die Boodskapper volg en wie hom verwerp wanneer die verandering kom. Dit was inderdaad 'n lastige, moeilik regverdigbare verandering, wat baie kritiek uitgelok het, maar nie vir die wat deur Allah gelei is nie. Allah sal nie dat julle onnodig glo en dat julle geloof verlore gaan nie: so julle aanbidding, terwyl die ander Aanbiddingsrigting gegeld het, was geldig en aanvaarbaar.. Waarlik Allah is baie vriendelik en baie genadig teenoor die volk.

144. Ons het gesien hoedat jy, Mohammed, jou gesig na die hemel draai, terwyl jy wag op 'n antwoord op jou gebed. Daarom gaan Ons aan jou 'n Aanbiddingsrigting gee waarvan jy sal hou. Draai van nou af jou gesig in die rigting van die Heilige Haram Moskee, wat 'n groter area is as die Kaaba en makliker sal wees om die rigting van te bepaal. So waar julle ook al is draai julle gesigte naasteby in daardie rigting: êrens tussen die Ooste en die Weste is goed genoeg. Selfs die aan wie die Boek gegee is, weet goed dat dit 'n egte openbaring van hul Skepper, Voorsiener en Onderhouer is. Allah is nie onbewus van wat hulle doen nie.

145. Maar selfs al sou jy elke bewys denkbaar bring aan hulle aan wie die Boek gegee is, sal hulle steeds nie julle Aanbiddingsrigting aanvaar nie. Julle moet ook nie hulle Aanbiddingsrigting navolg nie, want die Aanbiddingsrigting is nou vasgestel vir altyd, en hulle, die Jode wat in die rigting van Jerusalem aanbid en die Christene wat in die rigting van die Ooste aanbid, sal nie mekaar se Aanbiddingsrigting navolg nie. Indien jy, en in effek jou volgelinge, egter sou besluit om te doen wat hulle van jou verlang na al die kennis wat jy ontvang het, is jy waarlik een van die wat weier om die opdragte van Allah na te volg.

146. Die aan wie die Boek gegee was, die Jode en die Christene, herken Mohammed as laaste Profeet uit die profesieë in die Wet en die Evangelie soos hulle hul eie seuns maklik herken, wat voor hulle opgroei en waarvan hulle die gesig en algemene trekke goed ken. Die feit is dat van hulle die waarheid wegsteek terwyl hulle weet: hulle weier om die waarheid te erken op net so 'n oneerlike wyse as wat dit sou wees om nie jou eie kind te erken nie.

147. Of julle dit nou ontken of wegsteek, julle weet baie goed dat hierdie nuwe Aanbiddingsrigting is, soos alle waarheid, vanaf jul Skepper, Voorsiener en Onderhouer. So as jy dit verstaan, moet dan nie een van die wees wat twyfel nie."

148. Soos elke tradisionele gemeenskap sy eie rigting het waarheen hy

bid, of dit nou deur Allah bepaal was of nie, so is dit dan mos net reg dat Allah ook aan die Moslem Gemeenskap 'n unieke rigting sal gee waarin hulle hul gesigte sal draai. Moet dus nou nie verder besorg wees oor die rigting of wat ander daarvan sê nie, maar fokus op julle goeie dade en strewe daarna om die een beter te doen as die ander in die doen van goeie dade. Waar julle ook al is, Allah sal julle almal saambring op die Oordeelsdag wanneer julle volgens julle dade beloon of gestraf sal word. Allah het sekerlik beheer oor alles.

149. Van waar julle dan ook al begin, draai jul gesigte in die rigting van die Heilige Haram Moskee. Dit is voorwaar die waarheid vanaf jul Skepper, Voorsiener en Onderhouer. Allah is nie onbekend met wat julle doen nie.

150. Van waar julle dan ook al begin, draai jul gesigte in die rigting van die Heilige Haram Moskee. En waar julle ook al is, draai jul gesigte in die rigting daarvan, sodat mense geen beskuldiging teen julle kan inbring nie, behalwe vir die tussen hulle wat ongehoorsaam is – moenie vir hulle bang wees nie, wees vir My bang! - soveel so dat Ek my seëninge aan jou volmaak kan maak, en dat jy sal uitvind hoe om volgens My Wil te lewe.

151. So ook het Ons uit julle midde 'n boodskapper na julle gestuur, Mohammed, wat aan julle Ons verse voordra, en julle reinig, en julle die Boek en die wysheid leer, en julle leer dit wat julle nie weet nie. (K2:129)

152. Onthou en vereer My dan, met hart en mond en daad, as julle Grootste Weldoener en bedank my deur gehoorsaam te wees aan My en Ek sal julle onthou en vereer deur materiële en geestelike seëninge op julle uit te stort. En wees dankbaar teenoor My, en moenie ondankbaar teenoor my wees deur my seëninge te ontken en aan my ongehoorsaam te wees nie.

Met vers 153 gee Allah vir ons almal 'n oplossing vir die probleme van die lewe.

153. Julle wat die verduideliking van die Aanbiddingsrigting glo, moenie moedeloos gemaak word deur die vyandigheid van diegene wat steeds die verduideliking verwerp en die geldigheid van Islam as godsdiens betwyfel nie, maar oorkom julle bekommernis en angstigheid daaroor deur hulp te soek by Allah deur geduld en aanbidding. Waarlik Allah beloon met Sy teenwoordigheid diegene wat geduldig is: die wat geduldig selfbeheersing toepas teen wat as as onwettig en ontoelaatbaar verbied is, geduldig hulleself dwing om al die vorme van aanbidding standvastig na te kom, veral hul Aanbidding volgens die fisiese en geestelike etiket soos voorgeskryf, en geduldig alle vorme van moeilikheid en pyn, ja alle lyding verduur, en verstaan en glo dat dit die wil van Allah vir hulle is en dit verdra met die hoop dat Allah hulle daarvoor sal beloon. (K39:10)

154. Moenie van die wat hulle lewe opgeoffer het terwyl hulle met die wil van Allah besig was, sê dat hulle dood is nie, gesien in die lig van die bedreiging deur die vyandiges oor die Aanbiddingsrigting. Inteendeel hulle is lewendig, julle sien dit net nie en kan dit nie met julle sintuie waarneem nie.

155. Ons sal julle, elke lid van die hele Moslem Gemeenskap, verseker ook toets met vrees en honger, en verlies aan rykdom en julle lewens en julle vrugte.

156.Gee goeie nuus aan die geduldiges wat, wanneer lyding na hulle toe kom, sê: “Ons behoort verseker aan Allah, en na Hom sal ons terugkeer.”

157. Dit is hulle wat die seëninge van hul Skepper, Voorsiener en Onderhouer ontvang, asook genade. En dit is hulle wat lewe volgens die Wil van Allah.

158. Die twee heuwels, Safa en Marwah langs die Kaaba in Mekka, is twee van die landmerke van die Moslemgeloof wat Allah daargestel het. So, wie dan na die Huis kom vir Hajj of Umrah, en tussen die twee heuwels hardloop ter herdenking aan Hagar wat tussen die twee heuwels gehardloop het op soek na water vir haar seuntjie Ismael, nadat hulle om die Kaaba geloop het, dit is nie 'n sonde nie, al is daar afgode bo-op die heuwels: wie ook al uit sy eie die goeie doen, Allah is Waarderend en Alwetend.

159. Waarlik diegene wat dit wat Ons as duidelike tekens en leiding geopenbaar het, wegsteek – selfs nadat Ons dit vir die mense verduidelik het in die Boek, op hulle werp Allah die verdoemenis, en elke lewende ding en lewende wese wat kan vervloek, vervloek hulle ook, omdat hul weerhouding van sulke kennis die hele skepping benadeel. Vervloek beteken: “Om vir ewig te verwyder van die genade van Allah Almagtig,” en sluit in alle vorme van verdoemende vloek of vervloeking en moet vermy word.

160. Maar diegene wat berou het, hul optrede regstel en die waarheid verkondig en dit nie wegsteek nie, hulle berou aanvaar Ek. En Ek is die Toegeeflikste en die Genadigste.

161. Inderdaad, die wat nie geglo het nie en gesterf het terwyl hulle ongelowiges was: op hulle is die vervloeking van Allah, en van die engele, en van alle mense tesame,

162. en hulle bly daarin vir ewig. Die straf sal vir hulle nie verlig word nie, en hulle sal nie uitstel kry nie.

163. En Allah is een, die enige God: Daar is geen God behalwe Hy nie, die Alomgenadige, Genadigste.

164. In die skepping van die hemele en die aarde, die wisseling van dag en nag, die skepe wat op die see seil met die handelsware wat die mens bevoordeel, die reën wat Allah uit die lug neerstuur, en daarmee die aarde laat herleef nadat dit dood was, en oor die aarde heen versprei van elke skepsel, en in die winde wat rondmaal en die wolke wat Allah gebruik om te dien tussen hemel en aarde, in dit alles is daar tog sekerlik tekens* en bewyse vir die wat kan waarneem, dat Allah 'n enige God is. (*K45:3)

165. Tussen die mense is daar sommige wat ander aan Allah gelykstel as die voorsieners in hul behoeftes, en wat hulle dan liefhet soos wat hulle Allah behoort lief te hê, totdat hulle deur verlies bedreig word , terwyl die wat glo baie vas is in hulle liefde vir Allah, of dit nou goed gaan of sleg. As die wat sulke sonde doen maar wou sien uit hul frustrasies met hul hulpelose gode, wanneer die dag van afrekening kom en hulle die straf sien, dat alle mag om te voorsien en om weg te neem slegs aan Allah behoort en dat Allah baie erg straf.

166. Wanneer diegene as wat leiers wat nagevolg is, hulle volgelinge teleurstel en misken, en hulle beide met die dag van afrekening die straf sien, sal die bande tussen hulle gou verbreek raak, soos misdadigers wat gevang word en nou ontken dat hulle mekaar ken.

167. Dan sal diegene wat die volgelinge was sê: “Ons wens ons kan terugkeer na die aarde, sodat ons hulle kan misken soos hulle ons misken het.” So laat Allah hulle, hul foutiewe optrede sien sodat hulle dit kan berou. En hulle sal nie uit die vuur gelaat word nie, want die straf vir godslastering is om vir ewig in die vuur te bly.

Vers 168 moet saam met vers 173 gelees word, praat van die Assosieerders in Mekka en bedoel nie om die onwettigheid van sulke diere te weerspreek nie.

168. O mense, eet van alles wat in die aarde is dit wat toegelaat is, en goed, skoon en rein is, en moenie in die voetstappe van Satan volg, deur dit wat toegelaat is nie te eet nie, soos diere wat Allah eetbaar verklaar het maar wat aan afgode geoffer is, met die bedoeling dat dit Allah sal gelukkig maak nie: waarlik Satan is vir julle 'n openlike vyand. (K2:188)

169. Hy suggereer in julle harte gedagtes om die sonde te doen en om onbeskeie te wees, en dat julle dinge oor Allah beweer waarvan julle niks weet nie en aan Allah iets toe te skryf waarvoor julle geen gesag het nie.

170. En wanneer aan hulle gesê word: “Volg die leiding wat Allah gegee het,” dan antwoord hulle: “Ons sal eerder die leiding volg wat ons Vaders gevolg het.” Is dit so – selfs al het hul Vaders niks verstaan nie, en selfs al het hulle nie volgens die Wil van Allah gelewe nie?

171. Die verhaal van hulle wat nie glo nie is soos een wat niks anders as 'n uitroep en 'n skreegeluid kan hoor nie*. Hulle is doof en hoor nie dit wat bedoel is om hulle reg te help nie, stom wanneer hulle die waarheid moet erken en aanvaar en blind want hulle sien nie wat vir hulle voordelig of nadelig is nie: met hul belangrikste sintuie verdof neem hulle dus niks waar nie. (*K41:44)

172. O julle wat glo, eet van die goeie, dit waarvan Ons julle voorsien

het , en wees dankbaar teenoor Allah, as julle regtig slegs Hom aanbid. (K23:51)

173. Allah het julle slegs die volgende verbied van die vleis wat die Assosieerders van Mekka volgens hul heidense geloof as eetbaar beskou het: aas, wat dooie diere bedoel, bloed, varkvleis en dit wat geslag is in die naam van of met die naam van iets anders as die Naam van Allah. Maar wie dan ook al deur nood gedwing word om hiervan te eet, en dit nie doen vir die plesier of bedoel om te oortree nie, en net genoeg hiervan eet om sy lewe te red sal hierdie sonde vergewe word. Waarlik, Allah is die Mees Vergewende, die Genadigste.

Waar die vorige verse verwys het na die tasbare onwettige dade, verwys die volgende verse nou oor die ontasbare dinge wat onwettig is.

174. Waarlik, diegene wat omkoopgeld of omkoopgeskenke ontvang om die bepalings te bedek of te verdraai wat Allah van die Boek openbaar het, hulle sal niks anders eet nie as net vuur, en Allah sal nie op die Oordeelsdag met hulle praat nie en hulle ook nie sonde vergewe en hulle reinig nie. Vir hulle is daar 'n pynlike straf wat wag:

175. hulle is diegene wat die verkeerde weg gekoop het teen die prys van die regte weg, en straf teen die prys van vergifnis. Hoe braaf is hulle nie teen die vuur!

176. Allah het die Boek met die waarheid openbaar, maar die wat daarvan verskil en die nie saamstem oor die Boek nie dwaal net al verder weg en veroorsaak al meer en meer verskeuring.

Tot hier het Hoofstuk 2 meesal diegene aangespreek wat die Koran as waarheid ontken het en verwysing na Moslems was slegs afleidend van aard. Van hier af is die doel hoofsaaklik om Moslems die beginsels en geloofsartikels van Islam te leer en waar nie- Moslems aangespreek word is dit slegs by implikasie.

Vers 177 is 'n bondige samevatting van die basiese bepalings van Islam met die tema: Regverdiging. Die daaropvolgende verse bevat dan verduidelikings en breedvoerige uiteensettings.

177. Geloof wat insluit regverdigmaking en gehoorsaamheid is nie daarin geleë dat jy jou gesig na die ooste of die weste draai nie want in sigself het dit nie belangrikheid of meriete nie: maar ware geloof en meriete is geleë in gehoorsaamheid aan die opdragte van Allah wat behels: om te glo in Allah, die Laaste Dag, die engele, die Boek, die Profete, om van jou rykdom wat jy so liefhet in liefde en uit liefde vir Allah te deel met jou familie, weeskinders, die hulpeloses, reisigers, en die wat daarvoor vra en om van dit te spandeer om slawe vry te koop. Verder behels ware geloof en meriete om die Aanbidding te onderhou en Armebelasting te betaal, om jou beloftes en ooreenkomste na te kom en natuurlik die prysenswaardige daad van geduldig te wees deur selfbeheersing en waaksaamheid teen die sonde wanneer dit moeilik gaan as gevolg van pyn en swaarkry en tydens lyding wat veroorsaak is deur enige beserings asook tydens paniekerigheid en angstigheid wat gepaard gaan met byvoorbeeld oorlog, geweld en pestilensies! Diegene wat hierdie dinge doen is die getroues en diegene wat 'n heilige ontsag en respek vir Allah het en dit is die basiese beginsels agter al die bepalings in die Quran se geloofsartikels, dade en sedes.

1. Die Wet aangaande die Vergelding Doodstraf:

178. Julle wat glo, die Voorskrifte aangaande vergelding deur die Doodstraf is die volgende: iemand wat doodmaak sal doodgemaak word ongeag sy persoon – vryman vir 'n vryman, slaaf vir 'n slaaf, en vrou vir 'n vrou. Indien die bedroefde party egter uit broederskap sou besluit om die moord te vergewe maar nie die oortreding nie, kan die vervolging plaasvind binne die erkende reëls, sonder om die skuldige party te teister en moet betaling gedoen word in regverdigheid. Hierdie is verligting van die Doodstraf deur Allah, en genade. So, wie hierna die beperkings oorskry, en 'n vals of twyfelagtige moordsaak aanhangig maak, of vra vir 'n na-vergifnis-heropening van die moordsaak na al die genade, vir hom wag daar 'n pynlike straf.

179. Iemand met wysheid sal sien dat die Voorskrifte oor die Vergeldende Doodstraf, neem nie lewe nie maar gee lewe omdat dit bedoel is om as afskrikmiddel te dien deur mense te weerhou daarvan om mekaar dood te maak omdat hulle die doodstraf daarvoor vrees: miskien sal dit maak dat julle 'n heilige ontsag en respek vir Allah sal hê.

2. Erflating

180. wanneer iemand te sterwe kom en enige besittings nalaat, is die Voorskrif dat aan die Ouers en die Naasbestandes nagelaat sal word, ooreenkomstig die goedgekeurde manier en dit is verpligtend op diegene wat 'n heilige ontsag en respek vir Allah het.

181. Wie ook al dan dit verander nadat hy dit gehoor het, die sonde daarvan sal slegs rus op hulle wat dit verander. Waarlik Allah is Alhorend, Alwetened.

182. Maar wie ook al 'n n verkeerde verdeling of sonde deur 'n Erflater keer, en sake tussen die begunstigdes regstel deur 'n skikking te bewerkstellig, het nie sonde gedoen nie. Waarlik Allah is Vergewend, Genadig.

3. Vas en Ramadan

183. O julle wat glo, die voorskrif oor die vas, wat as 'n daad van aanbidding beskou word waartydens julle julself, nadat julle die spesifieke intensie gemaak het om te vas, aanhoudend van dagbreek tot sononder weerhou van eet, drink en seksuele omgang, is aan julle voorgeskryf soos aan die voor julle vanaf Adam tot by Mohammed en hulle gemeenskappe, alhoewel nie noodwendig identies nie, sodat julle Godvresend mag wees, want vas help mens om jou te weerhou van die sonde deurdat dit jou leer om jou begeertes en behoeftes te beheer: en dit is basis vir Taqwa: 'n heilige ontsag en respek vir Allah, Onthouding of Matigheid en dan weerstand teen die sonde.

184. Die vasdae is nie baie nie. Maar as enigiemand siek is of op 'n lang reis is en nie die bepaalde vasdae kan hou nie, omdat dit ondraagbare ontbering of verergering van sy siekte sal meebring, kan enige ander dae in die plek daarvan gevas word. Diegene wat sterk genoeg is om te vas , maar om een of ander rede nie wil vas nie, mag hulleself egter loskoop van die verpligting deur 'n arm mens kos te gee. (*) Wie ook al dan vrywillig goed doen, dit is beter vir hom. En dat julle vas is beter vir julle, as julle weet.

***Tydens die begindae van Islam toe die mense nog moes gewoond raak aan Vas, en Vers 184 geopenbaar was, is die keuse gegee tussen Vas of Loskoop, maar met Vers 185 is die keuse herroep en is Vas verpligtend gemaak op die wat sterk genoeg is.#**

185. Die maand van Ramadan is die maand waartydens die Koran geopenbaar was* as 'n leiding vir die mensdom en met duidelike kenmerke van vroeëre leiding en die kriteria van reg en verkeerd: (#net na vers 184) so, julle wat die maand van Ramadan beleef, as geestesgesonde, geslagsrype, gereinigde Moslems wat tuis is, nadat die Nuwemaan gesien is, moet daartydens vas en sou enigeen siek wees of op reis, moet ander dae in die plek daarvan gevas word. Allah wil dit vir julle maklik maak en nie moeilik nie. En dit alles net sodat julle die aantal vasdae sal voltooi en dan met dankbaarheid die Grootheid van Allah sal bekend maak omdat Hy julle daartoe gelei het. (*K44:3)

186. En wanneer My diensknegte jou uitvra oor My, sê vir hulle Ek is **Die Nabye**: Ek is met My spesiale genade baie naby aan my diensknegte om die vas draaglik te maak. Ek reageer op die gebed wanneer iemand tot My uitroep, en Ek sorg vir hulle en gee vir hulle wat hulle nodig het: so, dan is dit mos net redelik om te verwag dat hulle ook sal reageer wanneer Ek iets van hulle vra, soos om te Vas, en in My te glo sodat hulle volgens My Wil kan lewe: en dit is My wil dat hulle sal Vas. (K50:16)

4. Seksuele Omgang tydens vas en Itikaf.

187. Dit is nou vir julle wettig gemaak om tydens die nagte van die vas, seksuele omgang te hê met julle vroue. Hulle is 'n kleed vir julle en julle is 'n kleed vir hulle. Allah het geweet dat julle besig was om julleself te verloën, so Hy het toegegee en julle vergewe. So nou kan julle seksuele intimiteit hê met julle vroue en streef na dit wat Allah vir julle bestem het en eet en drink totdat die wit ligdraad van die dagbreek duidelik onderskeibaar word van die swart ligdraad van die nag: voltooi dan die vas tot die aand. Moet ook nie seksuele intimiteit met julle vroue hê tydens Itikaf nie, wanneer julle julself in spesiale omstandighede afsonder in die Moskee. Hierdie is die beperkinge

deur Allah gestel, so moenie eers naby dit gaan nie, want dalk net kan julle oortree. Allah manifesteer Sy tekens aan die mense sodat hulle Godvresend mag wees.

5. Weerhouding van die onwettige

Halaal eet leer mens die morele en regverdige en om nie mekaar se goed "op te eet nie"

188. Saam met die weerhouding deur vas van die drie basiese menslike behoeftes, moet julle ook waak daarteen om nie mekaar se geld en besittings op 'n onwettige wyse te probeer bekom nie, of "op te eet nie" en moet ook nie die owerhede by so 'n sondige bedrogspul betrek of met daardie geld of besittings probeer omkoop nie, terwyl julle weet wat die waarheid is nie. Dit bedoel ook diefstal, roof, rente, dobbel, omkoop, verkoop van foutiewe produkte, opgebruik en onwettige transaksies. (K2:168)

7. Hajj of Pelgrimstog

189a. Die Metgeselle vra u omtrent die nuwemane. (K10:5/K17:12) Verduidelik vir hulle dat dit 'n aanduiding van tyd is, waarvolgens maande en dae getel kan word vir die berekening van tyd in transaksies, kontrakte en aanbidding, soos dat mense kan weet wanneer dit tyd is vir die Pelgrimstog.

8. Innoverings

189b. Die gebruik wat julle ontwikkel het tot 'n godsdienstige wet, deur julle huise van agter af binne te gaan al moet julle 'n gat in die muur maak, en om ingang deur die deur as sonde te verklaar, is nie regverdiging nie, want die gebruik hoort tot die Tyd van Onkunde, maar ware regverdiging is dat julle 'n heilige ontsag en respek vir Allah sal hê. Gaan julle huise deur hul deure binne. En hê 'n heilige ontsag en respek vir Allah sodat julle suksesvol kan wees, deur dit wat Allah as verkeerd verklaar het nie te doen nie: dit is ware regverdiging. Want om iets wat nie sonde is nie, tot 'n sonde te ontwikkel of as sonde te identifiseer is 'n sondige daad in sigself.

9. Djihad of Heilige Stryd teen Ongelowiges gemagtig

190. Tot nou toe was julle nie toegelaat om teen die ongelowiges te veg nie en moes julle hulle vergewe vir alle pyn en leed wat hulle julle aangedoen het, maar nou beveel Ek julle: Verdedig julleself deur te veg op die weg van Allah slegs teen die individuele persone wat betrokke is in 'n aanval teen julle en moet nie oortree deur die mense wat op geen manier by die aanval betrokke is, enige leed aan te doen nie, soos vroue en kinders. Waarlik Allah hou nie van die oortreders nie.

191. Ten spyte van die vredesooreenkoms by Hudaybiyyah in 6A.H., met die ongelowiges, bestaan daar vrese oor verbreking daarvan deur die onbetroubare ongelowiges tydens die voorgenome Umrah in 7A.H. vandaar die toestemming tot selfverdediging: Maak hulle dood waar julle hulle ook al vind en dryf hulle uit vanwaar hulle julle uitdryf, want die wanorde wat die ongelowiges wil skep deur te volhou met hul ongeloof en assosiasie en om Moslems te keer om hul godsdiensverpligtinge na te kom en om Hajj en Umrah te maak, is erger as om dood te maak. Maar wanneer julle vir Umrah gaan, moenie teen die ongelowiges wat tans in beheer is van Mekka, in die omgewing van die Haram Masjied veg nie, waar niks of niemand in elk geval doodgemaak mag word nie, tensy hulle julle daar aanval. En dit is ook net hier op aarde waar Stryd, nie geiniseer mag word nie. Op ander plekke is Stryd uit selfverdediging of inisiatief, wettig. En indien hulle julle daar aanval mag julle hulle doodmaak. Dit is die loon van die ongelowiges.

192. Maar as hulle nie daarop aandring nie en hul aanvalle staak, dan inderdaad is Allah Vergewend, Genadig.

193. Beveg hulle totdat daar geen bedreiging van wanorde meer is nie, maar slegs gehoorsaamheid aan Allah. Maar as hulle dit staak, dan is daar geen aggressie meer nie behalwe teen die wat nog oortree.

194. "Die heilige maand vir die heilige maand en die heilige dinge regverdig vergelding": verwys na Dhul-Qadah waartydens geen vorm van baklei met enigiemand ontoelaatbaar was nie, maar net soos selfverdediging as uitsondering op die reël die Haram Moskee beskerm het, so skenk selfverdediging uitsondering op die reël en beskerming aan die heilige maand. So wanneer enigiemand aggressief teenoor julle optree, beantwoord dit met soortgelyke aggressie. En hê 'n heilige ontsag en respek vir Allah en weet dat Allah is met diegene wat 'n heilige ontsag en respek vir Hom het.

10. Spandering verpligtend wanneer nodig vir Stryd.

195. Dit is verpligtend om te spandeer wat ook al nodig is, wanneer dit ook al nodig is op die weg van Allah in Stryd op so 'n wyse dat julle nie jul eie vernietiging deur nalatigheid veroorsaak nie. En doen goed, deur aan andere te doen wat jy aan jouself gedoen wil hê en nie aan andere te doen wat jy nie aan jouself gedoen wil hê nie. Natuurlik het Allah die wat goed doen lief.

11. Hajj of Pelgrimstog en Umrah of Besoek

196. Probeer alles in julle vermoë om die Hajj en Umrah vir Allah te doen want Hajj is verpligtend vir almal wat dit kan bekostig, ingestel sedert die derde jaar van Hijrah en dit is een van die belangrikste pilare van Islam , maar as julle weerhou word daarvan, stuur dan enige diereoffer wat beskikbaar is. Moenie julle hare afskeer voordat die offerande die bestemming bereik nie. Maar as iemand van julle siek is, of probleme met die kopvel ondervind, kan hy as losprys in die plek van hare afskeer, vas of aalmoese gee. En wanneer julle veilig is, dan moet hy wat Hajj en Umrah saam doen, die diereoffer maak, wat ook al beskikbaar is. Maar wie dan niks vind om te offer nie, moet vir drie dae vas gedurende die Hajj en vir sewe dae na die terugkeer: aldus tien dae in totaal. Dit geld vir hulle wie se familie nie naby die Haram Moskee woon nie. En hê 'n heilige ontsag en respek vir Allah deur nie een van die verpligte reëls, of die etiket van die pelgrimstog te oortree nie, hetsy deur nalatigheid, swak voorbeeld van mede pelgrimsgangers of swak gidse, en weet dat Allah die wat bewustelik oortree, swaar straf

197. Die presiese maande: Shawwal, Dhul Qadah en die eerste tien dae van Dhul Hijjah, datums en tye wanneer en wat gedoen moet word tydens Hajj is vasgestel en is welbekend:. So wie ook al dit onderneem moet verstaan dat tydens Hajj is geen sedeloosheid, onkuisheid, liefde-maak, voorspel en selfs openlike gesels oor liefdemaak, toegelaat nie of sonde deur veral ongehoorsaamheid aan dit wat verbied word of ontoelaatbaar is in die staat van Ihram en daar is nie plek vir rusie, twis of skoorsoek nie. En enige goeie ding wat julle ook al doen, Allah sal weet daarvan. In plaas daarvan dat julle die reis begin sonder iets in die vertroue dat Allah sal voorsien, berei julle eerder goed voor deur alles wat julle nodig sal hê saam te neem, want as julle goed voorberei is en alles het wat julle nodig sal hê, hoef julle nie van iemand iets te vra nie, en goeie voorbereiding is nie ongeloof nie, nee dit is juis die basis van vertroue. En hê 'n heilige ontsag en respek vir My, O mense met begrip.

198. Dit sal nie sonde wees as julle nood- gedwonge 'n inkomste moet verdien deur handel te dryf terwyl julle met Hajj is nie, maar beskou dit as oorvloed van julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer, en moenie daarvan 'n straatmark of kermis maak met die doel om baie geld uit die geleentheid te maak nie, want dit verander die intensie en benadeel die opregtheid waarmee julle veronderstel is om Hajj te doen. Later wanneer julle van Arafat af beweeg, bly oor by Muzdalifah tussen die middaguur en sononder en resiteer die naam van Allah soos julle geleer is, maar lees die Maghrib en Isha aanbidding tesame, deur Maghrib later te doen, soos julle geleer is, naby die heilige berg of Monument Haram en resiteer Sy naam omdat Hy julle gelei het vanwaar julle voorheen was as afgedwaaldes.

199. Beweeg dan van Muzdalifah af soos en saam met al die ander Pelgrimsgangers na die Arafat vlakte en moenie soos die Koereisj maak en daarop aandring om by Muzdalifah te bly omdat hulle die bewaarders van die Kaaba is, bietjie hoogmoedig geword het weens hulle posisie van invloed en status, gewone mense op 'n afstand hou en dink dit is nie behoorlik vir hulle om uit die gebied van die Haram te gaan nie en soek vergifnis by Allah. Allah is sekerlik Mees Vergewend, Baie Genadig.

200. Sodra julle dan al die rites voltooi het, resiteer die naam van Allah met dieselfde geesdrif as wat julle van die prestasies van julle voorvaders sou praat of selfs met groter geesdrif. En los liewer die vergaderings by Mina waar julle net oor julle voorvaders praat in plaas van om Allah as julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer te

vereer. (Vandag verwys dit na waardelose samekomste, vermaak, tydverdryf en inkopies.) Tussen die mense is daar een wat bid en vra: “O Skepper, Voorsiener en Onderhouer, skenk aan ons baie in hierdie wêreld...:” daardie persoon het geen aandeel in die Hiernamaals nie, want hulle vra nie vir die “goeie” nie maar net vir baie, 'n konstante vervulling van hul begeertes, en dit nogal tydens 'n groot gebeurtenis soos Hajj bid hulle eerder vir die behoeftes van hierdie lewe as vir die Hiernamaals.

201. En daar is 'n ander persoon tussen hulle wat bid en vra: “O Skepper, Voorsiener en Onderhouer, gee vir ons dit wat goed is in hierdie wêreld en goed is in die Hiernamaals en red ons van die straf van die Vuur.”

202. Vir hulle sal daar 'n aandeel wees van wat hulle verdien het, hulle sal beloon word in beide wêrelde vir hulle goeie dade en vir hul gebede en Allah is vinnig om te bepaal wat elkeen verdien het en wat die beloning of straf moet wees, want Allah se allesdeurdringende kennis laat Hom alles van almal af weet.

203. En resiteer die Naam van Allah deur lofprysing en aanbidding, gedurende die laaste van die vasgestelde aantal dae van die Pelgrimstog sodat dit 'n perfekte einde het en julle na-Hajj-lewe korrek en vrugbaar sal word. Pelgrimsgangers het die keuse tussen die volgende twee opsies: Wie dan haastig is en na twee dae vertrek van Mina af, waar die klippies na die drie Pilare gegooi moet word, verkieslik oor 'n periode van drie dae, dit sal nie verkeerd of sonde wees nie, soos wat dit ook nie 'n sonde sal wees vir die wat ook die derde dag agterbly nie: so, moenie self sonde doen deur mekaar sondaars te noem in hierdie geskil nie: die toegewings is vir die gerief van diegene wat 'n heilige ontsag en respek vir Allah het en aan Hom gehoorsaam is. So of julle nou bly tot die 12de of die 13de van Dhul-Hijjah, maak nie saak nie. En behou julle heilige ontsag en respek vir Allah voor, tydens en na die Pelgrimstog wetend dat julle voor Hom versamel gaan word.

Daar is twee soorte mense: die wat Voorgee en die Opregtes

204. Tussen mense is daar miskien iemand soos Akhnas die seun van Shurayq, wat hard probeer om die Profeet te beïndruk met sy skynbaar opregte verhouding met Islam maar net wanneer hy loop begin hy met sy anti-Moslem kwaaddoenery, wie se woorde in hierdie lewe vir julle aantreklik is en wat selfs Allah tot getuie maak van wat hy op die hart het, terwyl hy eintlik baie eiewys en hardnekkig is in sy twissoekery.

205. Iemand soos Akhnas is skaars uit by die deur, dan hardloop hy die hele wêreld deur in sy pogings om wanorde te saai, en om die ploeglande en die veë te vernietig: Allah hou nie van wanorde nie.

206. Wanneer dan aan hom gesê word: “Hê 'n heilige ontsag en respek vir Allah,” word hy oorval deur die arrogante neiging wat hy het tot sonde. Die Hel is dan genoeg vir hom, en dit is inderdaad 'n slegte bed om op te rus.

207. Daar is egter ook diegene wat hulself verkoop in hul pogings om Allah te gehoorsaam en gelukkig te maak, mense wat bereid is om hul lewe te gee soos die opregte Metgeselle van die Profeet wat ongeëwenaarde opofferings gemaak het in die uitvoering van die Wil van Allah. En Allah is die Alomgenadige teenoor Sy diensknegte.

Gehoorsaamheid, in Islam, bedoel slegs dit wat deur die Openbaring van Allah soos vervat in die Koran, vereis word

208. Gelowiges, neem Islam volledig en heelhartig aan: volledig met al die bepalings en praktyke, en heelhartig met jou hele liggaam en hele verstand: moenie maak soos onder andere die metgesel Abdullah wat die Sabbat en die verbod op Kameelvleis wou saambring uit die Joodse godsdiens waar hy 'n bekende Joodse geleerde was, toe hy 'n Moslem geword het nie, en so die voetspore van Satan navolg deur iets wat vir julle soos deel van julle godsdiens lyk te doen nie terwyl dit eintlik in kontras daarmee is nie, en deur te probeer om meer gehoorsaam te wees as wat vereis word nie: dit in sigself is oortreding van die beperkinge. Islam is volledig en perfek slegs as dit wat nie nodig is nie, nie as deel daarvan beskou word nie. Waarlik Satan is 'n openlike vyand vir julle.

209. En as julle struikel deur meer gehoorsaam te probeer wees as wat voorskryf is, na al die duidelike openbaring en bewyse wat na julle gekom het, weet dan dat Allah magtig is en saam met die krag om te straf, ook die wysheid het om die straf wanneer dit Hom behaag: so moenie vertraging in straf misverstaan nie.

Die betekenis van vers 210 is onseker maar kan soos volg wees (volgens Yusuf Ali):

210. Hulle sê hulle sal glo wanneer Allah aan hulle verskyn in die wolke met die engele en dan is die saak afgehandel: maar so dring hulle eintlik daarop aan dat hulle onvermoë om te glo opgelos word op hulle manier en nie op Allah se manier nie. Ware gelowiges is getrou aan Sy manier en Sy tyd. En tot Allah sal alle sake teruggebring word.

211.Vra net 'n bietjie vir die kinders van Israel hoeveel duidelike openbarings en tekens Ons hulle gegee het van wat die waarheid is deur wonders vir hulle te doen en profete na hulle te stuur, voordat Ek hulle gestraf het. Wie ook al die leiding waarmee Allah hom seën verander nadat dit aan hom gekom het in plaas daarvan om dit na te volg, Allah sal hom erg straf.

212. Die ware oorsaak vir verset teen waarheid is dat die teenswoordige lewe aantrekliker is vir die wat nie glo nie want materialisme laat die behoefte aan geloof verdamp, en hulle lag vir die wat glo soos wat die Joodse leiers en onkundiges onder die Assosieerders vir die Moslems lag, terwyl die wat 'n heilige ontsag en respek vir Allah het en weier om ongeloof en assosiasie te aanvaar beter af sal wees met die Opstandingsdag, waar hulle in die Paradys sal wees en die ongelowiges in die hel.. En Allah gee aan wie Hy wil, sonder maat: so die mens se ekonomiese vermoë en eer sal hom niks hier baat nie waar slegs Allah sal bepaal wie belangrik en eerbiedwaardig is.

213. Alle mense was eens, aan die begin, 'n enkele gemeenskap met dieselfde idees en geloof in Een God wat met tyd ontwikkel het in verskille. (K10:19) Toe het Allah die profete gestuur met goeie nuus en waarskuwing, met die doel om almal weer in een groep saam te trek en terug te bring tot die ware geloof, en het saam met die profete die Boek met die Waarheid afgestuur om te oordeel tussen die mense in die geloofsake waaroor hulle van mekaar verskil het as gevolg van verskille in smaak, opinie, temperament, gedagtes en eiebelang wat onderskeid tussen waar en vals onmoontlik gemaak het. En die mense wat van mekaar verskil het oor die openbaring en bewyse in die Boek, ten opsigte van waar en vals geloof, was juis die Jode en die Christene aan wie dit gegee was, gely deur afguns teenoor mekaar, met die gevolg dat een groep mense nie die leiding aanvaar het nie. Toe het Allah, deur Sy wil, diegene wat opreg en heelhartig geglo het gelei na die waarheid waaroor die twee groepe van mekaar verskil het. Allah lei wie Hy wil om volgens Sy wil te lewe. (K64:2)

214. Dink julle miskien dat julle in die Paradys sal ingaan terwyl die omstandighede waarmee diegene wat voor julle gesterf het gekonfronteer was, nog nie oor julle gekom het? Hulle was gekwel deur swaarkry en lyding en was so geskok dat die profeet, en diegene wat saam met hom geglo het, begin sê het: “Wanneer sal die hulp van Allah dan kom?” Let op, die hulp van Allah is naby.

Hierna volg nou instruksies rakende gehoorsaamheid ten opsigte van besittings, lewe, huwelik en egskeidingVers 215 & 220 bespreek Vrywillige Welsynswerk (Nie Armebelasting nie)

215. Hulle vra jou wat hulle moet spandeer. Sê vir hulle: “Die goeie wat julle ook al spandeer, moet gaan aan ouers, naasbestaandes, wese, behoeftiges en reisigers. En hoeveel julle spandeer of watter goed julle ook al goed doen, volgens julle vermoë, Allah is bewus van alles daarvan.” (K2:220)

Stryd of Veg is verpligtend op alle Moslems net as ander Moslems nie die taak opneem nie, tensy die Imam almal oproep.

216. Veg is verpligtend vir julle, alhoewel dit vir julle hard is uit die aard van julle persoonlikhede. Dit kan wees dat julle nie van iets hou nie, terwyl dit goed is vir julle, en dat julle van iets hou maar dat dit sleg is vir julle*. Allah ken die realiteite van alles terwyl julle nie die volle omvang van daardie kennis het nie, daarom is dit beter om die opdragte van Allah te gehoorsaam al verstaan mens dit nie heeltemal

nie. (*K48:20)

217. Hulle, 'n paar ongelowiges van die Koereisj stam, lag vir julle omdat van die Metgeselle wat op reis was en deur ongelowiges gekonfronteer was, tydens die heilige maand Rajab, 'n ongelowige doodgemaak het, en nou vra hulle jou of dit dan nou ewe skielik reg is om te veg tydens die heilige maand, terwyl hulle die Metgeselle beskuldig dat hulle nie eens die heilige maand eerbiedig het nie. (K9:36,96:36) Sê vir hulle: "Veg tydens die heilige maand is 'n ernstige oortreding, maar Allah beskou dit wat die ongelowiges gedoen het in 'n baie ernstiger lig: as iemand weerhou word daarvan om die Wil van Allah te doen, as iemand nie glo in Allah of die Moskee Haram nie, waarin die ongelowiges afgode geplaas het, en die mense van die Moskee daaruit verdryf, en as iemand wanorde veroorsaak: dit is baie erger as om 'n ongelowige in 'n staat van oorlog dood te maak." En hulle sal aanhou om julle te beveg totdat hulle julle wegdraai van julle geloof af as hulle kon. Wie van julle ook al wegdraai en sterf as afvallige, hulle goeie dade het verlore gegaan en was tevergeefs in hierdie wêreld en in die Hiernamaals: daar sal dus geen beloning vir die vorige dade van aanbidding wees nie. Hulle is die mense van die Vuur. Hulle sal vir ewig daar wees

218. Wat betref die wat geglo het en die wat migreer het en Stryd uitgevoer het op die weg van Allah, hulle hoop op Allah se genade en Allah is Vergewend en Baiegenadig.

Nou volg 'n reeks vrae wat aan die Profeet gevra was.

Wyn en Dobbel.

219. Van die Metgeselle wat baie bekommerd was oor die bose gevolge van die wyn en dobbel onder die gewone mense sonder dat hulle die gevare daarvan besef, het by Medina vir die Profeet vertel hoedat dit die mens se verstandelike vermoëns aantas en finansiële verliese veroorsaak en daaroor vir die Profeet advies gevra. Sê vir hulle: "Beide wyn en dobbel, wat insluit: speletjies, blokkiesraaisels met fooie en pryse asook loterye, gee aanleiding tot groot sonde en slegte gevolge, sowel as voordele vir die mens, soos om goed en lekker te voel. Maar die sonde en ergernis wat dit veroorsaak deur benadeling van die liggaam en aftakeling van die sosiale strukture, is groter as die voordele." (Hierdie is die eerste vers van 'n paar wat stelselmatig die verbod op die drink van sterk drank bewerkstellig het. (K4:43 & K5:90,91)

Versorging van die Weeskinders.

220. Van die Metgeselle het vir die Profeet advies gevra oor wat hulle moet spandeer op die Wese, want die verbod op die eet van kos wat die wese toekom, het tot gevolg gehad dat dit wat die wese nie eet nie, verlore gegaan het omdat dit nie vir ander behoeftiges gegee kon word nie. (K2:215) Sê vir hulle "Die surplus." Dit is hoe Allah Sy verse aan julle verduidelik, sodat julle kan nadink oor hierdie wêreld en die Hiernamaals. En hulle vra jou oor die wese. Sê vir hulle: "Om julle te beywer vir die versorging van die wese is goed. En as hulle saam met julle bly is dit ook goed, sodat julle uit dieselfde begroting leef, want hulle is na alles julle broeders. En Allah ken die onderskeid tussen die een wat kwaaddoen en die een wat die goeie bevorder. En as Allah wou kon Hy dit vir julle moeiliker gemaak het met strenger reëls in hierdie aangeleentheid. Waarlik, Allah is Magtig en Wys daarom het Hy 'n makliker gedragskode daargestel want Hy belas mense nie met wat hulle nie kan doen nie."

Moenie trou met iemand wat nie 'n Moslem is nie, Jode en Christene uitgesluit(K5:5)

221. Moenie trou met vroue wat nie Moslems is nie, behalwe vir Jode en Christene, tensy hulle Moslems word: 'n Moslem slavin is beter as 'n vrou wat nie 'n Moslem is nie, selfs al is sy vir julle aantreklik: en moet ook nie julle vroue met mans laat trou wat nie Moslems is nie, behalwe vir Jode en Christene, tensy hulle Moslems word: 'n Moslem slaaf is beter as 'n man wat nie 'n Moslem is nie selfs al is hy vir julle aantreklik. Ongelowiges nooi uit na die Vuur want die spesiale liefdeband tussen getroudes kan maak dat gelowiges deur hul ongelowige eggenotes in die ongeloof ingelei word of hulle kan 'n weersin teen assosiasie verloor, terwyl Allah uitnooi, volgens Sy wil, na die Paradys en na vergifnis, en Hy maak Sy verse met Sy bevele duidelik aan die volk, sodat hulle die advies sal onderhou.

Menstruasie

222. En hulle vra jou oor menstruasie. Sê vir hulle: "Dit is 'n onreinheid. So bly weg van die vroue af tydens menstruasie: en moenie seksuele omgang met hulle hê totdat hulle weer gereinig is nie. Maar sodra hulle weer gereinig is, gaan dan na hulle toe vanwaar, Allah julle beveel het: dit is, op die maniere van seksuele omgang wat Allah toegelaat het. Waarlik Allah het die lief wat berou het indien hulle wetend of onwetend seksuele omgang het tydens menstruasie, en Allah het lief die wat hulleself rein hou.

Die toegelate maniere van seksuele omgang

223. Julle vroue en veral hul vaginas, is vir julle soos 'n stuk landbougrond waarop julle kan saai en oes, en julle is die bewerkers van daardie landbougrond: dit beteken dat seks nie bedoel is slegs vir die bevrediging van die seksuele drange nie, maar dat dit eintlik bedoel is om kinders voort te bring. So, geniet vaginale seksuele omgang in enige posisie nes julle verkies maar doen dit met die oog daarop om vir julleself kinders te verwek en so vir julleself 'n mooi toekoms te verseker met goed opgevoede kinders en 'n gesin. Deur dit alles moet julle 'n heilige ontsag en respek vir Allah hê en weet dat julle Hom gaan ontmoet en verantwoording sal moet doen vir hoe julle, jul landbougrond en die opbrengs daaruit hanteer het. Daar is egter goeie nuus aan die gelowiges: hulle het niks om te vrees nie."

Verse 224 tot 226 verwys na die baie ede van die Arabiere wat soms onmin en skeiding tussen man en vrou veroorsaak.

224. Julle Arabiere wat so baie ede het wat julle sweer, waarvan sommige verband hou met seksuele sake, moenie van 'n eed in die naam van Allah, 'n belemmering maak wat julle verhinder om die goeie te doen wanneer dit aan julle uitgewys word nie of 'n belemmering om iets te doen wat twee mense weer bymekaar sal bring nie. Allah is die Alhorende, die Alwetende.

225. Allah hou julle nie verantwoordelik vir dit wat onuitvoerbaar is in julle ede nie, maar vir wat julle harte veroorsaak het, as julle geweet het 'n eed is onuitvoerbaar. Allah is Vergewend en Verdraagsaam.

226. Die wat 'n eed neem om nie seksuele omgang met hulle vroue te hê nie, het 'n vier maande wagperiode: as hy teruggaan binne die vier maande bly die huwelik geldig en hoef hy net 'n boete te betaal vir sy onvoltooide eed, maar indien hy binne die vier maande nie teruggaan nie, is die huwelik beëindig. Daarna mag hulle weer trou en is 'n tussentydse huwelik met 'n ander persoon nie nodig nie. Daarom as hulle dan terugkeer na hulle vroue voor die vier maande om is, is Allah Mees Vergewend en Baie Genadig

227. As hulle ooreenkom op 'n egskeiding, is Allah Alhorend en Alwetend.

Die vers definieer die status, rolle en pligte van Mans en Vroue

228. En die geskeide vroue moet vir drie menstruasieperiodes wag. Dit is nie wettig vir hulle dat hulle sou wegsteek wat Allah in hulle baarmoeders geskep het nie, indien hulle wel in Allah en die laaste dag glo. Hulle eggenotes is geregtig daarop om hulle terug te neem in die tussentyd indien hulle 'n skikking wil hê. Vroue het ook erkende regte soortgelyk aan dit wat hulle verskuldig is aan mans, maar mans is 'n trappie bo vroue, wat beteken dat mans die beskermers en versorgers van vroue is en alhoewel mans voorrang en outoriteit geniet bo vroue moet mans geduldig wees met vroue as vroue te kort skiet in die gee van hul regte en steeds vroue hul volle regte gee. (K4:34). Allah het die reëls gemaak want Allah is Almagtig en Alwys.

Egskeiding

229. Dieselfde twee mense mag twee keer skei: na die aankondiging dat die man van haar skei, bly die huwelik egter geldig tydens die wagperiodes, sodat as die man sou besluit om terug te keer na die vrou, hy haar kan behou in die erkende manier: maar indien hy nie sy besluit herroep tydens die wagperiode nie, moet hy haar laat gaan op 'n mooi, vredevolle, vriendelike en regverdige manier.(K2:236) Dit is onwettig om enigiets wat jy vir haar gegee het terug te neem, tensy beide verstaan en ooreenkom dat hulle nie die beperkinge gestel deur Allah kan nakom nie. Nou, indien hulle dit so verstaan en ooreenkom dat hulle nie die beperkinge gestel deur Allah kan nakom nie, dan is

daar geen sonde in dit wat sy opgee teneinde haar vrylating te bekom nie. Dit is die beperkinge gestel deur Allah. Moet dit daarom nie oortree nie. En wie ook al beperkinge gestel deur Allah oortree, hulle is die oortreders.

230. Daarna, as hy egter 'n derde keer aankondig dat hy van haar skei is die huwelik onmiddelik beëindig en het die man op onredelike en onnodige wyse veroorsaak dat hy al sy opsies tot herstel van die huwelik daar en dan verbeur en is sy nie meer wettig vir hom nie tensy sy eers weer met 'n ander man getroud was. Sou die ander man dan van haar skei, is daar nie sonde in vir hulle om na mekaar terug te keer nie, indien hulle dink dat hulle die beperkinge gestel deur Allah kan onderhou. En hierdie is die beperkinge gestel deur Allah wat Hy duidelik maak aan 'n volk wat weet.

231. En wanneer julle geskeide vroue het wat die einde van hul wagperiode bereik het, besluit dan koelkop en onsentimenteel wat jy wil maak maar wees redelik en regverdig: of herroep die egskeiding (K65:2) en behou hulle dan volgens die erkende reël wat bepaal dat die woede en ontevredenheid van die verlede uitgewas moet word en opnuut besluit sal word op 'n mooi familielewe en dat sy die korrekte regte gegee sal word wat haar toekom, of laat hulle vry volgens die erkende reël. Maar moenie haar behou met die verkeerde bedoelings nie: soos om haar gevange te hou, te martel of lastig te val nie: dit sal wreed en onmenslik van julle wees. Wie dit doen benadeel eintlik homself, want in die Hiernamaals sal alle onregverdigheid en wreedheid gewreek word, as die gevolge van hul bose dade hulle nie inhaal nie. En moenie die verse van Allah vir die grap hou of daarmee speletjies speel, deur net vir die pret te maak of julle wil skei nie: onthou die genade van Allah en wat Hy aan julle openbaar het van die Boek en die wysheid waardeur Hy vir julle goeie berading gegee het. Hê 'n heilige ontsag en respek vir Allah, en wees verseker dat Allah is alwetend met betrekking tot alles, ook julle hartsgeheime en bedoelings.

232. En wanneer julle geskeide vroue het wat die einde van hulle wagperiode bereik het, moet hulle nie verhoed om weer te trou of selfs weer met dieselfde eggenoot te trou nie, op voorwaarde dat hulle wedersyds ooreenkom volgens en binne die reëls: indien nie is daar 'n verpligting op julle om hulle te keer. Hierdie advies is gegee vir julle wat glo in Allah en in die Hiernamaals en is bedoel om in geheel nagevolg te word: die wat dit nie volledig navolg nie se Geloof is deurmekaar. Navolging van hierdie advies stel vir julle riglyne van hoe julle dogters rein en skoon kan lewe: so moenie in hulle pad staan om volgens die reëls te trou met wie hulle wil nie, eerder as om in sonde te lewe. Allah weet wat goed is vir julle en julle weet nie, want soms dink julle net aan die eer, prestige of die finansiële gewin in 'n potensiële huwelik.

233. Die moeders met babas onder die geskeide vroue is moet self hul babas vir twee jaar* laat drink want dit is die reg van die kind: dit is vir die wat die verpligte periode van borsvoeding wil voltooi. En hy wie se kind dit is, is verantwoordelik vir die voorsiening van kos en klere vir die moeders in alle regverdigheid. Niemand is verantwoordelik bokant sy vermoë nie. Geen moeder mag egter gedwing word en so lei as gevolg van haar kind nie, so ook nie die man wie se kind dit is nie. En as die vader oorlede is rus die verpligting om die kind te laat drink en finansieel te versorg net so op die erfgename van die kind, moeder ingesluit. Maar as die moeders die kinders wil speen, met wedersydse toestemming, en beraadslaging met die vader, as gevolg van haar onvermoë of siekte van die kind, is daar nie sonde op hulle nie. En as julle, julle kinders gevoed wil hê deur 'n soogvrou, dit is nie sonde nie mits julle die erkende ooreengekome geld daarvoor betaal. Hê 'n heilige ontsag en respek vir Allah en wees verseker dat Allah kyk wat julle doen en of julle hierdie reëls nakom en die welsyn van die kind voorop stel. (*K46:15)

234. En die van julle wat sterwe en hulle vroue agterlaat, hulle vroue moet 'n wagperiode van vier maande en tien dae voltooi waartydens hulle hulself eenkant hou en nie mooimaak nie. Sodra hulle die einde van die wagperiode bereik, is daar nie sonde in dit wat hulle vir hulleself doen, deur weer te trou, nie. Allah is Alwetend van wat julle doen.

235. Dit is nie sonde as julle 'n huweliksaanbod skimp aan die vroue in hul wagtydperk of dit in julle harte wegsteek nie. Allah weet wat julle vir hulle gaan sê. Maar moenie 'n belofte in die geheim maak, behalwe om binne die reëls met hulle te praat nie. Moenie besluit op 'n huweliksooreenkoms totdat die voorgeskrewe wagtydperk verstreke is, nie. Wees verseker dit Allah weet wat in julle harte is. So, hê 'n heilige ontsag en respek vir Hom en wees verseker dat Allah die Meesvergewende is en Verdraagsaamste.

236. Dit is nie sonde om van 'n vrou te skei as julle nog nie aan haar geraak het of 'n bruidskat vasgestel het nie. Maar maak voorsiening en gee haar dan ten minste 'n geskenk volgens julle vermoë. 'n Ryk man volgens sy vermoë en 'n arm man volgens sy vermoë – om haar so binne die reëls te bevoordeel, is 'n verpligting op die deugsame. (K2:229)

237. En as julle van hulle skei voordat julle aan hulle geraak het, terwyl die bruidskat reeds vasgestel en dalk al betaal is, skenk dan aan haar die helfte of neem net die helfte terug van wat julle vasgestel of dalk al betaal het, tensy die vroue die eggenoot wat die huweliksknoop in sy hand het en wat wil skei vergewe of tensy julle, jul helfte vrywillig opgee. Dit is 'n grootse en genadige daad van heilige ontsag en respek vir Allah as julle vergewe en kwytskeld: want dit is die sin van julle verantwoordelikhede teenoor en gehoorsaamheid aan Allah. Moenie vergeet om baie genadig teenoor mekaar te wees nie. Waarlik Allah kyk wat julle doen.

Aanbidding

238. Te midde van al julle sosiale verantwoordelikhede soos jul huwelik en egskeiding, moet julle met die verskuldigde verantwoordelikheid omsien na julle vyf daaglikse Aanbiddings insluitende die Middelgebed: dit is Aser, want dit is 'n baie besige tyd van die dag. En wanneer julle Aanbid, staan voor Allah in algehele toewyding, bewegingloos en sonder om 'n geluid te maak.

239. Maar as julle in gevaar verkeer soos in oorlogstyd of as julle beangs is of as julle reis, Aanbid dan terwyl julle stilstaan en die neerknieling net 'n bietjie laer maak as die neerbuiging, anders is dit beter om die Aanbidding uit te stel en dit later te doen as Aanvullende Aanbidding. Sodra julle dan weer vrede ervaar, aanbid dan deur die naam van Allah te resiteer soos Hy julle geleer het, dit wat julle nie geweet het nie.

Testament

240. En die onder julle wat vroue agterlaat as julle sterwe moet 'n Testament maak ten gunste van julle vroue wat hulle toelaat om vir een jaar in julle huis te bly, as hulle dit so verkies na die wagperiode van vier maande en tien dae, sonder dat hulle uitgeskop kan word deur die erfgename.

Geskeide vroue verdien 'n voordeel

241. Die geskeide vrou, verdien 'n voordeel, of dit nou 'n stel klere, 'n deel van of die volle bruidskat, 'n geskenk of onderhoud tydens die wagtydperk is: hoe ookal voorgeskryf: en dit is 'n verpligting op diegene wat 'n heilige ontsag en respek vir Allah het.

242. Dit is hoe Allah Sy verse duidelik maak aan julle, sodat julle kan verstaan.

Opoffering van jou lewe en jou besittings vir Allah

243. Het julle dan nie deur kennis en insig gesien, dit wat die profeet Esegiël van die Israeliete van vertel, diegene wat destyds by hulle duisende hulle huise verlaat het om, as gevolg van 'n epidemie van die dood te ontsnap nie? By die plek waar hulle wou kamp weg van die plaag het Allah net eenvoudig, deur die skril skreegeluid van twee engele, gesê: “Sterf” en toe is hulle dood. Na 'n baie lang tyd het Esegiël daar verby gegaan, die opgestapelde bene gesien, die verhaal in openbaring van Allah ontvang, en het Allah na gebed deur Esegiël hulle weer deur die woorde van Esegiël beveel om te lewe. So, of julle veg vir julle lewens of vlug vir epidemie: Allah besluit oor wie lewe en wie sterwe. Waarlik Allah is alomgenadig teenoor mense, want soos hy die dooies weer lewe gegee het leer Hy die volgelinge van Mohammed daardeur, maar meeste van die mense, wat duisende demonstrasies van Genade sien, is nie dankbaar nie.

244. Veg dus op die weg van Allah sonder om te vrees vir die dood,

want dit is beter om gehoorsaam te wees aan Allah as om die dood so te vrees dat jy weg hardloop vir die dood, en weet dat Allah Alhorend en Alwetend is van wat julle sê en doen.

Spandeer op die weg van Allah

245. Wie is die een wat aan Allah 'n lening sal gee: wie sal 'n goeie ding doen en spandeer op die weg van Allah, sodat Allah dit veelvoudig kan terugbetaal as 'n beloning in die Hiernamaals net soos 'n lening terugbetaal word? Allah weerhou en verleng, en na Hom moet julle terugkeer. (K2:254 & 261)

246. Het julle nie die groep gesien uit die kinders van Israel, na die tyd van Moses toe hulle, aan Samuel, 'n profeet van hulle, gesê het: "Gee ons 'n koning sodat ons op die weg van Allah kan veg" Die profeet sê toe: "Is dit onwaarskynlik dat as julle beveel sou word om te veg, dat julle nie sal veg nie" Hulle sê toe: "Wat is fout met ons dat ons nie sal veg nie terwyl ons deur die Amalekiete weggedryf is van ons huise en ons seuns " Maar toe hulle beveel was om te veg, toe draai hulle weg, behalwe vir 'n paar van hulle. Allah is Alombewus van die oortreders.

247. Toe sê Samuel hul profeet vir hulle: "Allah het vir julle Saul as koning gegee." Hulle sê toe: "Hoe kan ons 'n koning oor ons hê, terwyl ons meer geregtig is op koningskap as hy? En hy is nie 'n groot rykdom gegee nie" Samuel antwoord toe: "Allah het hom gekies en oor julle aangestel en hom in kennis en fisieke grootte laat toeneem. Allah gee koningskap aan wie hy wil. Allah is Alomvattend en Alwetend."

248. Toe sê Samuel vir hulle: "Die teken van sy koningskap is dat die Ark van die Verbond na julle toe sal kom, gedra deur die engele, met die kalmte en rus vanaf Allah daarin, asook dit wat die Huis van Moses en die Huis van Aäron oorgelos het. Waarlik in dit is daar 'n teken vir julle, as julle gelowiges is." Dit het toe ook so gebeur dat Allah vyf stede van Amalekiete met epidemie getref het en dat hulle die Ark, gelaai op twee osse, teruggestuur het uit radeloosheid.

249. Toe Saul vertrek het met sy troepe, het Samuel gesê: "Allah gaan julle toets by 'n rivier, teneinde die swakkeres wat julle in die komende krisis paniekerig kan maak, uit te snoei, waar wie ook al gulsig van die rivier drink nie my man is nie en wie ook al eers daaraan proe my man is, behalwe die een wat eers 'n bietjie met sy hand skep." Toe drink die manne van die rivier behalwe vir 'n paar. So, toe hy die rivier oorsteek saam met die van hulle wat geglo het, het hulle gesê: "Ons het nie vandag krag saam met ons teen die Goliat en sy troepe nie." Toe sê die wat nog meer gelowig was en geglo het dat hulle Allah gaan ontmoet: "Hoeveel klein groepies het nie in die verlede met die hulp van Allah die groter groepe oorwin nie. En Allah is met die geduldige"

250. Toe hulle nou teenoor Goliat en sy troepe te staan kom het hulle gesê: "Ons Skepper, Voorsiener en Onderhouer, stort geduld oor ons uit, maak ons voete stewig en help ons teen hierdie ongelowige volk."

251. So, hulle verslaan toe die Amalekiete deur die wil van Allah, Dawid maak vir Goliat dood, en Allah gee hulle toe die koninkryk en die wysheid en leer hulle toe wat Sy wil was. Indien Allah nie sekere volke terug gedruk het deur ander volke te gebruik nie, sou die aarde bedorwe gewees het. Maar Allah is Alomgenadig teenoor al die wêrelde.

252. Hierdie verse wat die verhaal vertel van Israel en die Amalekiete, is die verse vanaf Allah wat Ons vir jou, Mohammed, voordra met alle geloofwaardigheid, en wees verseker jy is een van die Boodskappers.

253. So, moenie toelaat dat diegene wat nie jou profeetskap wil erken, jou moedeloos maak nie, want die boodskappers, waarvan jy een is, was nie almal dieselfde nie: ons het vir sommige meer uitnemendheid gegee as vir ander. Tussen hulle is daar Moses met wie Allah gepraat het, en sommige wie Hy in status verhoog het. Ons het duidelike tekens en wonders aan Jesus gegee, die seun van Maria en hom ondersteun deur middel van die Heilige Gees. En indien Allah wou, sou die wat Jesus opgevolg het nie teen mekaar geveg het nadat duidelike bewyse in die vorm van tekens en wonders aan hulle getoon was nie. Maar hulle het onder mekaar verskil. Daar was sommige wat geglo het en sommige wat nie geglo het nie en as Allah wou, sou hulle nie teen mekaar geveg het nie. Maar Allah doen wat Hy wil.

Spandering van jou lewe en besittings is wat sal tel in die Hiernamaals

254. O julle wat glo, die tyd om goeie dade te doen is nog daar: spandeer van dit wat Ons julle gegee het, julle lewe* en julle besittings**, voordat die Hiernamaals kom, en daar geen handel gedryf sal word in goeie dade nie: so julle sal nie gou 'n paar goeie dade êrens kan koop nie, daar geen vriendskap sal wees waar jy goeie dade kan leen nie en niemand meer vir iemand sal kan intree sodra hy of sy eers deur die straf gevang is nie, tensy Allah self vergifnis skenk. Die ongelowiges is die oortreders. (*K2:244&247 = Verhaal van Saul) (**K2:245)

Die beste vers in die Koran

255. Allah: die wese wat alle perfeksie kombineer en vry is van enige tekortkoming, daar is geen god behalwe Hy nie: daar is niks aanbiddingswaardig behalwe Hy nie, die Lewende: die ewigdurende, die lewensanker wat self geen versorging benodig nie maar alles en almal gelyktydig versorg. Nogtans word Hy nie moeg sodat hy sou insluimer of aan die slaap raak nie. Allah besit alles: aan Hom behoort dit wat in die hemele en dit wat op die aarde is. Wie durf Hom bevraagteken of wie kan by Hom intree vir ander sonder Sy toestemming*? Hy weet alles van alles af en Hy ken die verlede en die toekoms. En die mens besit niks van Sy kennis nie behalwe dit wat Hy wil hê hulle moet weet. Sy Troon reik na- en omvat die Hemele en die Aarde, en Hy word nie moeg daarvan om dit te versorg nie. Hy is die Hoë, verhewe bo alles en die Oppermagtige. (*K43:86)

256. Niemand word gedwing om Islam as Geloof te aanvaar nie: of jy wil glo of nie is jou keuse wat jy met jou hart maak en nie met jou uiterlike nie. Die regte manier van lewe het baie duidelik onderskeibaar geword van die verkeerde manier van lewe. Wie dus diegene wat in opstand kom teen Allah verwerp en in Allah glo het vasgegryp aan die sterkste ring: die ronde ondersteunings-basis waaraan 'n tou vasgemaak word en wat nooit breek nie: daar is dus geen gevaar om vernietig te raak of te verloor as 'n Moslem nie, behalwe as iemand die ring waaraan hy vashou self sou los. Allah is die Alhorende en die Alwetende.

Pasop vir ongelowige vriende

257. Allah is die Beskermer van die wat glo. Hy bring hulle uit die dieptes van donkerte in die lig. Wat betref die wat nie glo nie, hulle vriende is die Opstandiges. Die Opstandiges bring hulle uit die lig na die dieptes van die donkerte. Hulle is die mense van die Vuur. Daar sal hulle vir ewig bly.

258. Het julle nie vir Nimrod, die heerser van Babilon gesien, wat die bestaan van God ontken het en wat met Abraham geargumenteer het oor sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer nie, omdat nadat Allah aan hom koningskap gegee het, hy trots en arrogant in plaas van dankbaar geword het nie. Tydens die argument het Nimrod Abraham gevra na die eienskappe van Allah en dis toe dat Abraham gesê het: "My Skepper, Voorsiener en Onderhouer is die een wat lewe gee en dood bring" Maar Nimrod sê toe: "Ek bring ook lewe en ek bring ook dood" Abraham sê toe: "Allah bring die son vanuit die Ooste, bring jy dit dan nou vanuit die Weste." Hier was Nimrod oorbluf want hy het besef hy kan nie die son vanuit die weste laat opkom nie en kon nie antwoord op Abraham se argument nie. Hy het ook steeds nie die leiding aanvaar nie selfs nadat die waarheid later vir hom duidelik geword het nie. Allah laat nie die sondige mense volgens Sy wil lewe nie.

259. Of het julle nie die voorbeeld gesien van een wat deur 'n dorp gereis het waarvan al die huise se dakke ingestort het nie. Die man sê toe: "Hoe gaan Allah dit laat herleef nadat dit dood is?" So Allah maak hom toe dood vir 'n honderd jaar, en nadat Allah hom weer lewendig gemaak het, sê Allah: "Hoe lank dink jy was jy dood?" Die man antwoord toe: "Dit moes vir 'n dag of 'n gedeelte van 'n dag gewees het." Allah sê toe: "Dit was eerder vir 'n honderd jaar. Kyk net na jou kos en drinkgoed: niks daarvan het bederf geraak nie. En kyk

na jou donkie. Ons het dit gedoen om jou 'n bewys vir die mense te maak – en kyk na die bene, hoedat ons dit laat verrys het, en met vlees beklee het." So toe dit vir hulle duidelik was, sê die man: "Ek weet dat Allah mag het oor alles."

Abraham vra 'n voorbeeld van hoe die Opstanding gaan lyk

260. En toe Abraham gesê het: "My Skepper, Voorsiener en Onderhouer, wys my hoedat U lewe gee aan dit wat reeds dood is." Allah sê toe: "Is dit nou omdat jy nie glo in My perfekte krag wat alles beheer nie, dat jy dit vra?" Abraham antwoord toe: "Dis nie dat ek nie glo nie: natuurlik glo ek in U oneindige krag maar ek wil graag vrede in my hart hê oor hoe die Opstanding van die dode gaan lyk sodat ek 'n beter begrip kan hê van iets wat ek nog nooit gesien het nie." Allah sê toe: "Neem dan nou vier voëls en maak hulle so mak dat hulle selfs na jou roep sal luister. Deel nou die voëls in stukke op en plaas van die stukke van elke voel op elke berg, roep dan die voëls, en jy sal presies kan sien hoedat daardie selfde voëls na jou aangehardloop sal kom, sodat daar geen twyfel sal wees nie. Weet dat Allah Magtig en Wys is, daarom wys hy nie iets soos die sommer vir almal nie."

Spandeer op die Weg van Allah

261. Die voorbeeld van diegene wat spandeer in die weg van Allah is soos 'n graankorrel wat sewe are voortbring en wat elk weer 'n honderd graankorrels bevat: die beloning is baie groter as die waarde wat spandeer word. Allah vermenigvuldig vir wie Hy wil op voorwaarde dat spandering skoon, rein en halaal is, die intensie reg is en die dade regverdig, en die ontvanger verdienstelik is. Allah is Alomvattend en Alwetend. (K2:245)

Verse 262 tot 283 bevat nou spesiale instruksies ten opsigte van finansiële transaksies: 'n resep vir 'n ideale Ekonomiese Orde

262. Die wat hul besittings bestee op die weg van Allah en dit nie in die openbaar verkondig nie en ook nie dan gunste van die ontvanger verwag of die ontvanger daarvoor verwyt of verneder nie, hul beloning is by hul Skepper, Voorsiener en Onderhouer en daar is niks wat hulle hoef te vrees nie en ook sal hulle nie bedroef wees nie.

263. Hou kop wanneer jy iets spandeer want net jy word daardeur bevoordeel en jy doen niemand 'n guns nie: om dus iets moois en gepas te sê wanneer jy vir iemand iets gee en vergewend op te tree wanneer die ontvanger miskien onbedagsaam is, is beter as 'n weldaad gevolg deur 'n verwytery. Allah is Alomonafhanklik en Verdraagsaam.

264. O julle wat glo, moenie julle weldade ongeldig maak deur daarmee te spog en gunste terug te verwag of die ontvangers te verwyt nie, soos die een wat sy besittings spandeer net om gesien te word deur mense en nie in Allah as Beloner en in die Laaste Dag as dag van beloning, glo nie. So, dit is byvoorbeeld soos 'n rots waarop daar 'n laag stof is, en waarin die graan gesaai is. 'n Sterk bui reën het gekom en alles op die rots het weggespoel. Sulke saaiers sal geen voordeel trek uit wat hulle gedoen het nie. Spandeer dus slegs vir die plesier van Allah en met die intensie en geloof om beloning in die Hiernamaals te kry. Wie dus spandeer vir naam en faam hier op aarde mis die punt. Allah gee nie leiding, wat eintlik universeel beskikbaar is aan alle mense, aan diegene wat nie glo nie want hulle beskou dit eerder as belaglik.

265. 'n Ander voorbeeld van diegene wat hul besittings spandeer suiwer vir die plesier van Allah en om hulle siele ferm te maak, is soos 'n tuin op 'n heuwel waarop daar 'n swaar reën geval en die oes verdubbel het. Maar selfs al val daar net 'n sagte reën is dit al voldoende. Spandering met goeie intensie en opregtheid en gehoorsaamheid aan gestelde voorwaardes, selfs al is dit net 'n bietjie, word genoeg en dra by tot die skenker se beloning in die Hiernamaals. En Allah hou wag oor julle.269. Allah gee wysheid soos vervat in die Koran aan wie Hy wil. En wie wysheid gegee word, word baie van die goeie gegee. Slegs manne wat verstaan leef die advies eerbiedig uit.

266. Iemand wat weldade wat nie opreg en nie slegs vir die plesier van Allah doen nie, is soos iemand wat 'n tuin wil hê. Sou enige van julle 'n tuin vol dadels en druiwe wou hê met riviere wat onderdeur vloei, en vir hom alle soorte vrugte lewer, en dan kom die ouderdom en hy het swak kinders, en dan kom daar 'n warrelwind met vuur daarin wat alles verbrand? Soos die swak kinders sal sy weldade hom dan niks baat op sy oudag: in die Hiernamaals nie. Dit is hoe Allah die tekens duidelik maak vir julle sodat julle daaroor kan nadink.

267. O julle wat glo, spandeer van die goeie dinge wat julle verdien het en wat Ons vir julle voortgebring het uit die aarde, en moenie soos sommiges maak en 'n slegte ding kies om van te spandeer as julle goeie dinge het nie, terwyl julle dit glad nie sou aanvaar nie, tensy julle jul oe daarvoor toemaak. Weet dat Allah Alomonafhanklik is en Altydgeprys.

268. Satan maak julle bang met armoede en nooi julle tot die verkeerde optrede deur nie met vertroue te spandeer nie, maar Allah beloof om julle vergifnis te skenk, asook genade. Allah is Alomomarmend en Alwetend: Hy weet alles van almal af en ken die openlike, die versteekte, die intensies en dade.

269. Allah gee wysheid soos vervat in die Koran aan wie Hy wil. En wie wysheid gegee word, word baie van die goeie gegee. Slegs manne wat verstaan leef die advies eerbiedig uit.

270. So wat julle ook al spandeer of dit nou in sonde is of nie, met opregtheid of in skynheiligheid, vir die vertoon of slegs vir die plesier van Allah, halaal of haraam, of wat julle ook al beloof, of dit nou geld of goed, afhanklik van iets of onafhanklik, nagekom of onnagekom is, Allah weet dit alles. Vir die wat nie die beperkinge en voorwaardes nakom nie, die oortreders, sal daar geen hulp wees wanneer hulle aan Allah moet rekenskap gee nie.

271. Indien julle aalmoese openlik gee, soos die Armebelasting en om 'n voorbeeld te stel, is dit goed, en as julle ander aalmoese in die geheim vir die behoeftiges gee, is dit baie beter sodat julle dit nie doen net om gesien te word nie en sodat die ontvanger nie skaam kry nie. Allah sal van julle sondes vergewe as julle weldade doen en aalmoese gee. Allah is Albewus van wat julle doen.

272. Moslems is nie verantwoordelik daarvoor om nie-Moslems, Moslems te maak nie*: dit is dus nie vir julle om hulle te kry om die Wil van Allah te doen nie. Dit is Allah self wat die wat Hy wil, volgens Sy Wil laat lewe**. So, moenie probeer om mense Moslems te maak deur middel van julle aalmoese nie: watter vrywillige geld of goed julle ook al as aalmoese vir die nie-Moslems gee, is tot julle eie voordeel, en julle moet nie gee nie tensy dit suiwer vir die plesier van Allah is. Watter goeie julle ook al spandeer, sal ten volle aan julle terugbetaal word, en julle sal nie benadeel word nie. (*K42:48, **K50:45)

273. Laat julle Armebelasting gaan aan die behoeftiges wat voltyds in diens van Allah staan en daarom nie ander werk kan doen nie, 'n Oningeligte persoon mag dalk dink dat dat sulke persone, wat dalk duur klere dra, gegoed is op grond daarvan en op grond van hul beskeidenheid, en dat hulle nie die Armebelasting mag ontvang nie. Julle sal hulle ken aan hul voorkoms en hulle val mense nie lastig deur te bedel nie. Watter goeie julle ook al spandeer, Allah is Albewus daarvan.

274. Diegene wat hul dus hul besittings dag en nag spandeer, in die geheim en openlik, maar met opregtheid en nie net om gesien te word nie, hulle beloning is by hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer, en hulle hoef nie te vrees, of bang te wees nie.

Rente en Woekerwins (buitensporige of onwettige wins)

275. Rente of woekerwins word verslind soos kos wat mens nooit weer kan teruggee nie: die van julle wat rente hef of woekerwins maak, sal met die Opstanding verrys soos 'n mal mens en soos iemand wees wat deur een of ander duiwel of Jin omhels is en tot malheid gedryf is, in skande en verward. Dit is omdat hulle gesê het: "Rente en woekerwins is net soos handeldryf want beide lewer wins op en dan moet handeldryf ook verbied word." Alhoewel hulle argument heel rasioneel is, is die feit van die saak dat Allah egter handeldryf toegelaat het maar rente en woekerwins verbied het. Wie dan ook al hierdie raad aanneem van sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer en daarmee ophou, met berou en die voorneme om dit nooit weer te doen nie, word dit wat verby is toegelaat, en die omdat opregtheid van sy hart slegs aan Allah bekend is, is dit nou 'n saak tussen hom en Allah. Wie egter nadat hulle goeie raad gehoor het nogtans voortgaan met dit wat verbied is, hulle is die mense van die Vuur en sal vir ewig in die

Hel bly.

276. Allah vernietig rente en woekerwins deur die seëninge daarvan weg te vat , miskien minder opsigtelik hier op aarde maar definitief in die Hiernamaals, en liefdadigheidswerk voed, koester en moedig Hy aan deur die seëninge daarvan te vermeerder, hier op aarde soms minder opsigtelik maar verseker in die Hiernamaals, want net soos wat rente en woekerwins die teenoorgestelde is van liefdadigheidswerk, met opponerende intensies en doelwitte, net so is die gevolge daarvan teenstrydig met mekaar: die een lyk of dit die lewens van mense verbeter terwyl dit eintlik die lewens van mense vernietig en die ander lyk of dit die lewens van mense verarm terwyl dit eintlik die lewens van mense verryk. Allah hou nie van enige sondige ongelowige nie: iemand wat rente en woekerwins nie as absoluut verbied(haraam) beskou nie is 'n afvallige en 'n ongelowige en diegene wat onwetend daarby betrokke is, doen sonde en is oortreders.

277. Maar, bo enige twyfel sal die Moslems wat waarlik glo en hul geloof prakties uitleef deur goeie dade te doen, soos om standvastig te wees in hul Aanbidding en die gee van Armebelasting, hul beloning van hul Skepper, Voorsiener en Onderhouer ontvang, wat hulle die groot beloning van vrede en vertroosting sal gee, hier en veral in die Hiernamaals, en hulle hoef nie te vrees vir of bekommerd te wees oor die straf van die Hel en die vernedering wat wag vir die heffers van rente en woekerwins nie.

278. Julle van die verskillende Stamme wat nog van mekaar rente en woekerwins moet ontvang of mekaar skuld, ten spyte van die feit dat die heffing van rente en woekerwins wat algemeen in Arabië bedryf was, reeds verbied is deur Allah, of julle nou Moslems is of nou pas Moslems geword het, en of julle nou nie Moslems is nie, hierdie is vir julle sekerlik 'n baie moeilike ding om te doen omdat julle nou finansiële verliese in die gesig staar, maar: hê 'n heilige ontsag en respek vir Allah by wie julle in die Hiernamaals verantwoording sal moet doen en staak en laat gaan hier en nou ook dit van julle rente- en woekerwins praktyke wat nog bestaan en wat nog verskuldig is aan julle of julle deur julle, as julle ware gelowiges is van wie julle geloof vereis dat julle die opdragte van Allah getrou sal uitvoer. (K3:130)

279. Maar as julle dit nie doen nie, behalwe vir die feit dat julle dan outomaties nie meer Moslems is nie maar afvalliges, luister dan ook na die oorlogsverklaring vanaf Allah en Sy Boodskapper, wat naas die waarskuwing teen ongeloof, die ernstigste waarskuwing teen sonde, in die hele Koran is. As julle egter berou het dat julle by die heffing van rente en woekerwins betrokke was, en vas besluit om die heffing van rente en woekerwins te staak en op te gee, mag julle, en alleen dan, mag julle, jul oorspronklike belegging sonder vertraging en sonder dat enigiets daarvan afgetrek is, terugkry. Moet niemand verontreg deur aftrekkings van die beleggingskapitaal te maak of die terugbetaling te vertraag nie, dan sal julle nie verontreg word nie.

280. Diegene wat egter te arm is om daar en dan die leningskapitaal terug te gee, moet kans gegee word om die geld bymekaar te kry of beter nog, daarvan kwytgeskeld word. Maar om die skuldenaar verder te belas deur byvoorbeeld die heffing van rente op rente is heeltemal verbode, vandaar die aansporing om eerder die skuld af te skryf, as 'n daad van liefdadigheid waarvoor julle vir die geweldige verlies aan rente en kapitaal, die vergoeding enersyds in die Hiernamaals sal ontvang, deur die ewige seëninge van die Paradys, en andersyds deur die seën te beleef van die gevolge van julle goeie dade en wat julle beleef deur die vermeerdering van dit wat julle oor het en vrede, geluk en blydskap daarmee.

Vers 281 is die laaste vers wat aan die Profeet Mohammed openbaar was, enkele dae voor sy heengaan

281. En vrees die dag van afrekening wanneer julle na Allah teruggebring sal word, die Laaste Dag, wanneer almal ten volle en regverdig vergoed sal word volgens hul dade en vir wat hulle verdien het of dit nou beloning is of straf.

Kontraktereg en Bewysreg

282a. O julle wat glo, wanneer julle 'n transaksie aangaan waarvan die skuld op 'n bepaalde tyd betaalbaar is, plaas dit op skrif. Laat iemand wat kan skryf die punte van ooreenkoms regverdig en onpartydig neerskryf sodat daar geen twyfel oor die ooreenkoms bestaan nie. Geen persoon wat kan skryf mag weier om te skryf nie: want dit was Allah wat hom die vermoë gegee het en hy kan sy dankbaarheid toon deur te skryf. Die een wat die geld skuld moet sê wat geskryf moet word, maar Hy moet 'n heilige ontsag en respek vir Allah hê, sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer, en mag niks daaruit weglaat nie.

282b. Indien die een wat die geld gaan skuld swaksinnig of swak is: minderjarig, stom of nie die taal vaardig is nie en nie self kan sê wat geskryf moet word nie, mag sy voog of verteenwoordiger namens hom in regverdigheid sê wat geskryf moet word.

282c. Kry twee Moslems as getuies vanuit julle geledere. En as daar nie twee manne is nie kry een man en twee vroue van daardie getuies waarmee julle tevrede is, regverdige en betroubare mense, sodat indien die een vrou sou fouteer dat die ander vrou haar kan herinner. Die getuies mag nie weier om te getuig of inligting weerhou, wanneer hulle as getuies in 'n hofsaak geroep word nie: dit is 'n groot sonde.

282d. Moenie nalaat om die bedrag en die tyd van betaling neer te skryf nie, maak nie saak hoe kort of hoe lank die tydperk is nie. Dit is meer regverdig vir Allah en meer ordelik as bewys en voorkom dat julle mag twyfel, tensy dit 'n kontant transaksie is wat julle tussen mekaar aangaan.

282e. In die geval van kontanttransaksies is dit nie sonde as julle dit nie neerskryf nie. Kry ook net getuies wanneer julle so 'n transaksie beklink.

282f. Maar die regte van die een wat dit neerskryf en die getuies, soos om vergoed te word, mag nie aangetas word nie en hulle mag nie enige leed aangedoen word nie, en julle doen groot sonde indien julle dit sou doen. Hê 'n heilige ontsag en respek vir Allah, want onthou dit is Hy wat julle hierdie dinge leer en Hy is Alwetend van alles, ook as julle hierdie reëls sou oortree.

283. As julle egter op reis is en niemand kan kry om die transaksie neer te skryf nie, gee dan 'n vorm van sekuriteit vir mekaar, wat julle slegs veilig moet bewaar maar geen voordeel uit mag trek of ontvang nie: die voordele van die sekuriteit bly die van die eienaar. Indien julle mekaar egter vertrou, dan moet die een op wie vertrou word sy deel van die ooreenkoms nakom, en 'n heilige ontsag en respek vir Allah, sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer, hê. Julle mag nie enige inligting wat julle in 'n sekere saak het weerhou nie. Wie ook al sulke inligting weerhou sondig nie net met sy tong nie, maar is 'n sondaar ook in sy hart, want dit is in die hart wat besluite geneem word. Allah is Alwetend van wat julle doen.

284. Aan Allah behoort wat in die hemel is en op die aarde. Hy ken al die gedagtes van julle harte, so of julle nou die willekeurige en die onwillekeurige gedagtes wys wat in julle harte is of dit wegsteek, Allah weet daarvan maar sal julle net verantwoording laat doen vir julle willekeurige gedagtes, en dan sal Hy vergewe wie Hy wil en straf wie Hy wil. Allah is magtig oor alles.

Die ware en gehoorsame Moslems word geprys

285. Die Boodskapper het geglo in dit wat aan hom geopenbaar was deur sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer, en die gelowiges ook, maar sonder dat hulle die openbaring beleef het. Almal het in Allah geglo, en in Sy engele en in Sy Boeke en in Sy Boodskappers. “Ons maak geen onderskeid tussen enige van Sy Boodskappers nie,” het hulle gesê, en ook: “Ons het geluister en gehoorsaam. Onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer, vergewe ons waar ons tekortskiet! En na U is die terugkeer.”

Bevestiging van Allah se oneindige genade met verwysing na vers 284

286. Allah verwag nie van enigiemand meer as waartoe hy in staat is nie. Die mens sal kry wat hy verdien het en waaraan hy homself blootgestel het of wat hy vir homself veroorsaak het. “Ons Skepper, Voorsiener en Onderhouer, hou ons nie verantwoordelik as ons vergeet of 'n fout maak nie, en belas ons nie soos U die volk Israel voor ons met streng reëls belas het nie: hulle berou het U slegs aanvaar na 'n slagoffer. En, onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer, moenie ons belas met dit waarvoor ons nie die krag het nie. En verskoon ons. En skenk aan ons vergifnis. En wees ons genadig. U is

ons Skepper, Voorsiener en Onderhouer. Help ons dan teen die ongelowige mense.”

Hoofstuk 3 volg nou as 'n uitbreiding op die laaste deel van die gebed,: “Help ons dan teen die ongelowige mense” sodat Moslems ongelowiges kan konfronteer en oortuig.